

# *Rokende Houtstomp*

## *Volume 6*

*Uit die ewige vuur geruk*

*(Is dit dalk jy?)*



*Joas Natan*

**Kopiereg: Joas Natan**

**Gedruk en gepubliseer: Suid-Afrika 2022**

**Teksredigeerder: A. Oosthuizen**

**Skribaanhaling: Afrikaanse Bybelvertaling 1983 indien nie anders vermeld  
nie.**

**Formaat: E-Boek**

**Alle regte word voorbehou.**

**Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word in enige vorm en op enige  
manier, elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames, of in  
enige informasiebewaringseenheid en herwinningsstelsel sonder die  
uitdruklike toestemming van die skrywer nie.**

**Kontakbesonderhede: [admin@joasnatan.co.za](mailto:admin@joasnatan.co.za)**

**Vir hierdie en ander boeke, besoek <https://joasnatan.co.za>**

## **Oorsig**

### **Jaar Een**

**Volume 1: 1 Januarie tot 26 Februarie.**

**Volume 2: 27 Februarie tot 18 April.**

**Volume 3: 19 April tot 9 Junie**

**Volume 4: 10 Junie tot 31 Julie**

**Volume 5: 1 Augustus tot 21 September**

**Volume 6: 22 September tot 12 November (Huidige boek)**

**Volume 7: 13 November tot 31 Desember**

### **Jaar Twee**

**Volume 8: 1 Januarie tot 21 Februarie**

**Volume 9: 22 Februarie tot 10 April**

**Volume 10: 11 April tot 31 Mei**

## **Inhoudsopgawe (Volume 6)**

<b>Inleiding</b>	<b>Bladsy 7</b>
22 September. Kernwaarhede	11
23 September. Klein kameel	13
24 September. Koerantlees	16
25 September. Koninkryk. 1	18
26 September. Koninkryk. 2	21
27 September. Kos vir God	24
28 September. Kritiek	26
29 September. Kritiek en oordeel	29
30 September. Kwaadpraat	32
1 Oktober. Laaste verslawing	34
2 Oktober. Laat-toelaat. 1	36
3 Oktober. Laat-toelaat. 2	38
4 Oktober. Leuenverwagting	40
5 Oktober. Leuen van voorspoedsteologie	43
6 Oktober. Lewe na die dood	45

7 Oktober. Lewe uit die dood	47
8 Oktober. Lewensriglyne	50
9 Oktober. Lied van die router. 1	53
10 Oktober. Lied van die router. 2	56
11 Oktober. Liefde en begeer. 1	59
12 Oktober. Liefde en begeer. 2	61
13 Oktober. Liefde-liefde	63
14 Oktober. Liefdesobjek	64
15 Oktober. Liefgehê te word	66
16 Oktober. Liefie, Wurmpie	68
17 Oktober. Lieflik	70
18 Oktober. Lig en baie duisternis	71
19 Oktober. Liggaamlike herstel	73
20 Oktober. Liturgie	76
21 Oktober. Lof aan God	80
22 Oktober. Lofprysing	82
23 Oktober. Losgemaak	85

24 Oktober. Lyding. 1	89
25 Oktober. Lyding. 2	92
26 Oktober. Lydingsbegenadigde	95
27 Oktober. Ma-wat?	97
28 Oktober. Maagdevlies	99
29 Oktober. Mag	101
30 Oktober. Meesterplan. 1	104
31 Oktober. Meesterplan. 2	107
1 November. Meesterplan. 3	110
2 November. Meneer-meneer	113
3 November. Meneer, dominee, dokter	116
4 November. Menslike gees. 1	119
5 November. Menslike gees. 2	122
6 November. Min sal ingaan. 1	125
7 November. Min sal ingaan. 2	128
8 November. Min sal ingaan. 3	131
9 November. Min sal ingaan. 4	133

10 November. Min sal ingaan. 5	135
11 November. Mind games	137
12 November. Minder as niks	140

## **Inleiding**

### **Waarom?**

Mense wonder gewoonlik waarom 'n persoon 'n boek skryf. Hierdie boek met 52 dagstukkies is saamgestel uit idees wat die Heilige Gees gedurende die jare 2005 tot 2022 by die skrywer, in sy stiltetyd laat opkom het. Hy is gedring deur 'n dringende behoefte om die gedagtes met ander te deel, ander wat dalk nog nie op die bepaalde wyse oor dinge in die Bybel gedink het nie. Daarom mag van die idees vreemd en nuut vir die leser wees. Daar mag ook 'n herkenning wees van idees soos dit vroeër aan die leser bekend gemaak is. Dit is immers dieselfde Heilige Gees wat ons leer. Die naam van die oorspronklike boek: *Rokende Houtstomp uit die vuur geruk*, kom uit Sagaria 3:2. Dit is die skrywer se bede dat hierdie boodskappe sal bydra om siele, soos rokende houtstompe, uit die ewige vuur van God se oordeel te ruk.

### **Waaroor?**

'n Mens wonder ook waarom die boek gaan wanneer jy dit die eerste keer in jou hande neem. Wat maak hierdie preke anders as ander boeke met boodskappe vir die jaar?

Dalk is dit die nuwe, unieke, vars siening van ou waarhede wat hierdie boekie sal onderskei van ander. Telkens is die skrywer verras deur die varsheid van die idee, soos aan hom geopenbaar, in tye van diepe kommunikasie met die Here.



Indien die boekie oorsigtelik deurgeblaai word, sal die volgende temas uitstaan:

1. Eer, lof, dank en aanbidding aan God die Vader, Sy Seun ons Here Jesus en die Heilige Gees van Vader en Seun.
2. Die uitbreiding en koms van God se Koninkryk
3. Om God se wil te onderskei en dit te doen.
4. Om aandag te gee aan menslike nood en behoeftes en hoe dit bevredig kan word.
5. Oor die vergifnis van 'n sondaar en die sondaar se vergifnis van ander.
6. Die gevaar van die verleiding van satan en satan se ondersteuners.

In kort gaan dit oor die essensies van die lewe soos Jesus dit vir ons aangedui het in die gebed van alle gebede naamlik die *Onse Vader* in Mat.6: 9 tot 13.

Vir wie is hierdie dagstukkies bedoel?

**Die volgende groepe persone behoort baat te vind by die lees van hierdie dagstukkies:**

1. **Ongelowige mense** wat die eerste keer die Evangelie van verlossing sal hoor.
2. **Valse gelowige**, dit wil sê mense wat dink dat hulle gered is maar wie in 'n gekkeparadys leef en eers by hulle dood sal uitvind dat hulle saak met die Here nooit reg was nie. Dikwels sal van die leuens wat hierdie mense mislei, uitgewys word.

3. **Gelowiges wat teruggeval het.** Dit wil sê mense wat hulle vroeëre passie en liefde vir die Here verloor het.
4. **Onverskillige mense** wat dink dat alles net oor hierdie stukkie lewe gaan en vir wie daar nie eintlik ‘n ewigheidsperspektief bestaan nie.
5. **Pastore, Predikante en Geestelike leiers;** elkeen wat geroep is om ander te leer en moontlik ‘n vars siening van ou waarhede soek.
6. Ten slotte behoort **gelowige kinders van God** ook te baat by die lees van hierdie dagstukkies aangesien dit geskryf word om te bemoedig, hoop te gee, te leer, te versterk en leuens te ontbloot. Dit sal ‘n seën vir gelowiges wees aangesien dit gaan oor die liefde van God, die genade van Sy Seun en die wonderlike teenwoordigheid van die Heilige Gees.

### **Oor die outeur en finansies.**

Die boek word anoniem geskryf. Die doel daarmee is dat alle eer God, vir die skryf van hierdie boek, toekom. Die skrywer was maar net die instrument waardeur God gewerk het. Vandaar dat die skuilnaam *Joas Natan* gebruik word. Joas beteken: *Die Here het gegee*. Natan beteken: *Hy het gegee*.

Die outeur kan gevolglik ook nie aanspraak maak op enige finansiële voordeel uit die druk en verspreiding van die boek nie. Aangesien die boek as ‘n gratis E-boek, vir almal wat belangstel, beskikbaar gestel word, word daar ook geen inkomste uit die boek verdien nie.

*5 September 2015 tot November 2023 (Finale samestelling van boek)*

***Mag God deur die werking van Sy Heilige Gees alle gedagtes wat in hierdie boek opgeteken is, ontsluit soos Hy wil, vir wie Hy wil, wanneer Hy wil.***

***Joas Natan***

**Semagja: Die Here ondersteun.**

Daar is nog iets wat ek jou graag van wil vertel, omdat dit ook iets is wat hierdie groot vergifnis van God vir ons sondes, kan benadeel. Soos jy weet is daar ook ander kragte behalwe God s'n werksaam. God noem dit *bose geeste in die lug*. Dit is satan en al die bose geeste wat hom help. Hy, satan, wil natuurlik gladnie hê dat ons deur God begenadig en vergewe moet word nie. Hy wil hê dat ons saam met hom in die hel moet wees. Nouja, hy gebruik verskillende tegnieke om ons geloof in Jesus te ondermyn. Soms verlei hy ons deur rykdom, soms verlei hy ons om sonde te doen deur ons begeertes uit te buit. Soms versoek hy ons met sondes. Een van sy magtigste wapens is egter om ons sover te kry dat ons nie meer ons medemens wil vergewe nie. Satan sal byvoorbeeld van die volgende tegnieke gebruikmaak om dit vir ons moeilik te maak om te vergewe. Satan laat sy kinders en sy bose geeste ons vermoor. Hy laat hulle oumense op plase martel en sommer vir niks doodmaak. Hy laat onskuldige meisies en ou dames verkrag word. Hy laat kapings plaasvind. Hy versoek ons owerheid en verlei hulle met korrupsie. Hy blaas rassehaat aan. Hy laat onreg plaasvind, soos die sogenaamde regstellende aksie. Hy versoek ons deur skelms wat ons benadeel. Satan gebruik ook klein dingetjies om dit vir ons moeilik te maak om te vergewe. Dink in hierdie verband net aan die moedswillige taxibestuurder wat skielik voor jou stilhou of sommer net voor jou indraai. Of dink aan die onvriendelike persoon by die

kasregister wat jou doelbewus vertraag. Of dink aan die moedswillige skoolkinders wat die hele pad vol stap, sodat jy nie met jou motor kan verby kom nie. So probeer satan ons elke dag in die strik van onvergewensgesindheid laat trap.

Te midde van al hierdie aanslae op ons, het ons die volgende troos:

Deur alle eeue het mense net geestelik gegroei en nader aan God gekom wanneer hulle lyding verduur het. Ons ly grootliks vandag onder 'n kommunistiese, sosialistiese, ateïstiese regering. Hoe meer hierdie regering ons verhouding met God probeer benadeel hoe sterker groei ons geloof. Kyk maar hoeveel massabyeenkomste vind daar in vandag se dae plaas vir en deur Christene. Kyk net hoeveel mense gee vandag hulle lewens oor aan Christus. Kyk na die opkoms van Christelike televisiekanale ens. Hoe meer aktief satan raak hoe meer groei ons in ons verhouding met ons liefdevolle Vader, en hoe meer vertrou ons Hom vir ons vergifnis en redding. Mag jy enduit jou geloof behou. Mag jy bedag wees op satan se strategie om jou te laat struikel. Oppas vir haat, vir dit wat uit jou mond kom en bo alles onthou, om nie die deur na die hemel, vir jouself toe te sluit deur jou onvergewensgesindheid nie.

23 September

Klein Kameel

**Semaja: Die Here het gehoor.**

In Matteus 19: 24 is Jesus aan die woord as Hy die volgende sê:

*Ek stel dit nog sterker: Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom.*

Hierdie opmerking van Jesus het die dissipels baie ontstel en hulle vra toe aan die Jesus die volgende vraag:

*Wie kan dan gered word?*

Dit is waar Jesus Sy volgelinge wou gehad het; hulle moes hulle eie onvermoë ten opsigte van redding besef het. Hierna kom Jesus dan met die wonderlike woorde:

*Vir mense is dit onmoontlik maar vir God is alles moontlik.*

Kom ons begin by 'n ander punt en kyk of ons weer by hierdie wonderlike woorde van Jesus oor God se alvermoë kan uitkom.

God-Drie-enig is so groot dat ons Hom nie met ons verstande kan bedink nie. Ons kan wel sekere voorstellings maak, wat maar onvolmaak is maar darem so 'n ietsie van Sy grootheid vir ons openbaar. Ons weet dat die uitpansel van die hemel geweldig groot is. Afstande is so groot dat dit deur middel van ligjare gemeet word. Selfs een ligjaar is vir die mens se verstand onomvatbaar. Indien

daar aan gedink word dat lig teen 300,000 kilometer per sekonde beweeg, en ons begin in terme van afstand in ligjare praat raak dit vir die menslike verstand onomvatbaar. Hoe ver sal lig teen 300,000 kilometer per sekonde in een jaar kan trek? (9 460 563 614 000 kilometer) Nou het ons maar net met een ligjaar te make. Die uitspansel is miljoene ligjare in deursnee. Al wat ons kan sê, is dat dit geweldig groot is. Om te dink dat Hy wat dit alles gemaak het die totale uitspansel in die holte van Sy hand kan hou. Dit maak ons klein, baie klein. In hierdie uitspansel, in die holte van Sy hand, is die aarde soos 'n molekule. Ons op die aarde is weer soos molekules op die aarde. Dit maak ons baie, baie klein teenoor God se baie, baie grootheid.

Hoe kan 'n mensie dan ooit met hierdie God identifiseer. Hoe kan hy, die mens wat 'n molekule in die molekule is, met die Skepper van die alles praat, kommunikeer, een word? Hoe kan hierdie groot God binne in hierdie molekulemensie kom bly? Hoe kan hierdie groot God hoegenaamd van die molekulemens bewus wees, om nie eers te praat daarvan dat Hy hierdie mens ken en hom liefhet nie? Uit hierdie sienswyse is dit onmoontlik vir die mens om met sy Skepper te identifiseer en te kommunikeer. Daarom het God in Sy groot liefde en omgee, die mens tegemoet gekom. Ons kan nie soos God word nie, maar Hy kan soos ons word, en dit is presies wat Hy gedoen het. Hy het ons tegemoet gekom om ons te help om Hom as Redder, maar meer nog as ons Beste Vriend,

te kan ken. Vir die doel moes God Sy Seun, as Sy verteenwoordiger, klein soos 'n mens laat word, sodat elke nietige ou mense met Hom kon identifiseer.

Vir 'n mens om te kan ontstaan is daar twee selle nodig; 'n vroulike sel wat deur 'n manlike sel bevrug word. Ons weet dat Maria nie deur 'n man se sel bevrug is nie. Die Heilige Gees het haar bevrug. Jesus was dus die enigste mens wat nie deur twee selle nie maar Slegs een sel tot stand gekom het. Hoe klein moet Hy vir ons word, sodat ons met Hom kan identifiseer? Hy was kleiner en minder as die nietigste mens by Sy ontstaan as mens. Kleiner as dit kon Hy nie vir ons begin het nie.

Nou kom ons weer by die oog van die naald en die kameel. Dit wat vir die mens onmoontlik was vir sy redding, naamlik om deur die oog van die naald te kom, het God moontlik gemaak. Sy Seun het so klein geword dat Hy 'n miljoen maal in die oog van die naald kon inpas. So het Hy vir ons redding die onmoontlike vermag. Is dit nie genoeg rede om Hom tot in alle ewigheid te dank en te loof nie?



**Semarja: Die Here beskerm.**

In Filippense 4: 4 tot 8 word 'n paar lewensriglyne neergelê. Ons word aangemoedig om ons te verbly in die Here, om ons nie te bekommer nie en om ons probleme na God toe te neem met danksegging. Ons word ook onderrig oor dit wat ons moet bedink, waarmee ons ons gedagtes moet besig hou. In die verskillende vertalings word hierdie gedagteprosesse soos volg beskryf:

Message: *Fill your minds and meditate on:*

NKJV: *Meditate on these things:*

Meditate: *Have in mind, Ponder over, Indulge in thought, reflect.*

Nou waarmee moet ons ons gedagtes besig hou? In Fil. 4: 8 tot 9 word hierdie dinge vir ons uitgestippel:

1. Is dit waarmee jy jou gedagtes besig hou **waar**?
2. Is dit **edel**? Kan ek respek daarvoor hê?
3. Is dit wat ek oordink **reg en regverdig**?
4. Is dit rein of is dit **onrein en vuil**?
5. Is die beelde wat by my opkom mooi? Bevorder dit **liefde**, is dit versierend en elegant?
6. Is dit wat ek nou in my gedagtes toelaat **prysenswaardig, sag, vriendelik en konsiderend ( Eng, Kind)**

Behalwe wat ek in Fil. 4 vind, ten opsigte van wat in my gedagtes behoort te wees, is dit ook belangrik dat ek te alle tye dit wat ek lees, met die volgende vrae moet toets:

1. Help hierdie deel wat ek lees my om my **medemens te bly liefhê** of breek dit my liefde vir my naaste af?
2. Kan ek nadat ek hierdie dinge geles het nog my medemens **vergewe**?
3. Versterk dit wat ek lees my geloof en **vertroue in God**?
4. Kan ek nog vir die **owerheid bid** nadat ek hierdie stuk geles het?
5. Help hierdie gedeelte my om nie my **medemens te veroordeel** en te kritiseer nie?

So kan elke berig in die koerant beoordeel word.

Die vraag ontstaan dus of 'n gelowige dit nog kan waag om 'n koerant te lees, indien sy sieleheil so op die spel geplaas word?

**Semuel: Deur God verhoor.**

Vir die mens is daar twee werklikhede. Die een werklikheid het met homself en sy eie lewe hier op die aarde te make. Die ander werklikheid is die van God en dit wat met God te doen het. Die natuurlike mens lewe sy lewe binne sy aardse werklikheid uit. Sy eie behoeftes, begeertes, drange, drifte, gedagtes, emosies en oortuigings bepaal hoe hy lewe. Gewoonlik beteken dit dat die natuurlike mens 'n baie selfgesentreerde bestaan handhaaf. Alles draai om die mens self. Hy is die sentrum van alles vir homself. Soms sal die mens se liefde vir sy familie hom so 'n bietjie uit hierdie selffokus wegneem, maar nooit vir baie lank nie. So leef die mens maar gewoonlik 'n redelik sinlose lewe hier op die aarde uit.

Hierteenoor staan die ander werklikheid, die van God en dit wat met God te make het. Die meeste mense sal vanuit die natuurlike bestaan met God kennis maak, iets van Godsdienstigheid begin ervaar en so half in die natuurlike en half in die Goddelike probeer lewe. Hierdie mense beskou hulleself dan ook as gelowig en beskryf hulleself as Christene. Vandaar dat die nominale Christene in Suid-Afrika op ongeveer 70% plus geskat word. **Hierdie is 'n skynwerklikheid.** Daar bestaan nie iets soos 'n tussenfase tussen natuurlike mens en Godsmens nie. Die meeste mense mislei hulleself met hierdie tussenintoestand tot valse gerustheid. **Hierdie mense wil vir die self lewe en so 'n bietjie Christelikheid bo-oor smeer.** Dit is

die mense van wie die Bybel praat as *lou Christene*, mense wat die gedaante van *Godsaligheid* het (Open. 3:15).

Daar is egter ook mense wat deel is van God se Koninkryk.

Om dit te kan verstaan is dit nodig om eers te sê wat met **Koninkryk** bedoel word.

*'n Koninkryk sal altyd 'n Koning hê wat regeer.*

*Daar sal 'n magsgebied wees waar die Koninkryk gevestig is.*

*Daar sal onderdane in die Koninkryk wees.*

*Die Koning sal absolute mag oor Sy ryk en onderdane besit.*

*Die Koning kan doen wat Hy wil.*

*Die Koning besit gewoonlik die meeste van die gebied en dikwels ook die mense.*

*Die Koning maak wette om Sy wil bekend te maak.*

*Die Koning word geëer en gerespekteer.*

*Mense in die Koninkryk is lief vir die Koning en wil Hom graag dien.*

*Die Koning van die Koninkryk is vir die mense in die Koninkryk sentraal. Alles gaan daarvoor om Hom te plesier.*

*Die Koning van die Koninkryk het absolute mag en gesag. Niemand sê vir Hom wat Hy moet doen nie.*

*Die Koning van die Koninkryk is alles vir die Koninkryk.*

Die mense wat deel is van God se Koninkryk, mense wat deel is van hierdie werklikheid, sal al bogenoemde eienskappe van Koninkryk en Koning maklik erken in hulle diens aan hulle God.

26 September

## Koninkryk (2)

### Seragja:Ligglans van die Here.

Die sleutel om *Koning en Koninkryk* te verstaan is in die woordjie **alles** opgesluit. Indien God nie **alles** vir die mens is nie, indien Jesus as God se verteenwoordiger nie **alles** vir die mens is nie, indien die Heilige Gees nie **alles** van God en Jesus verteenwoordig in die mens nie, skort daar nog iets met die werklikheid van God se Koninkryk vir die mens. Dikwels sal die probleem by die onvolledige **alles** wees. Dan het daar nog elemente van die eie ek by die mens oorgebly. Die mens het nog nie gekom tot by volle selfverloëning en totale kruisdra nie. 'n Sleutelvers ten opsigte van die **Alles van God** is die volgende: (1 Kor. 15:28 ):

*Wanneer **alles** dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat **alles** aan Hom onderwerp het. So sal God **alles** wees vir **alles**.*

Indien 'n mens hierdie waarheid in sy lewe ervaar word so baie probleme opgelos.

In Mat. 6: 31 tot 33 staan die volgende opgeteken:

*Julle moet julle dus nie bekommer en vra: “Wat moet ons eet en wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?,” nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle Hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle **allereers** vir die Koninkryk van God en vir die wil van God , dan sal Hy julle ook **al** hierdie dinge gee.*

Die **alles**, waaroor die ongelowiges so begaan is en so hard poog om te kry , word vir die geliefdes van God, *in hulle slaap gegee*. Al hierdie dinge, die dinge wat die mens nodig het vir oorlewing, sal God vir die mens gee, indien hy sy prioriteite regkry en heel eerste God se Koninkryk en God se wil, soek. Daarom: hou jou besig met God se Koninkryk en God sal vir **al** die ander dinge sorg. Dan sal jy in staat wees om rustig te woon en te werk ( Ps. 37). Onthou egter altyd dat dit eintlik oor die Koning van die koninkryk gaan en nie oor die koninkryk en oor die voordele wat die koninkryk vir jou inhou nie.

Moenie terugneem wat jy in God se hande plaas nie. Wanneer jy dit doen is dit soos wantroue in God. Dan is dit soos wantroue dat God nie dit wat jy aan Hom oorgegee het, reg sal hanteer nie. God hanteer die ***Al van Al die ander dinge***. Wanneer jy tot die oortuiging gekom het dat ‘n saak aan God oorgegee word moet jy dit met vertroue in Sy hande laat. Volgens Mat. 6:33 behoort die mens hom besig te hou met God se Koninkryk en God se wil terwyl God **al die ander dinge** vir die mens sal hanteer. Wanneer jy bekommerd word, sal jy weet dat die bekommernis die simptoom van jou wantroue in God is, en ‘n teken is dat jy ongehoorsaam aan jou opdrag was. Oppas vir die leuen van satan dat jy hier op die aarde is om te besit en besittings bymekaar te maak. Jy is hier hoogstens ‘n bywoner, ‘n lewensreisiger vir ‘n kort tydjie. Jy besit niks en bestuur hoogstens wat God aan jou toevertrou het. Jy word besit. Jy is God se eiendom, duur gekoop deur die bloed van Jesus. God sal jou gebruik soos Hy wil, wanneer Hy wil en

waar Hy wil ten opsigte van jou betrokkenheid by al die ander dinge. Jou taak is om gelowig op die Here te wag en fyn te luister. Dikwels sorg Hy net in Sy groot Almag vir jou, en laat Hy dinge gebeur soos Hy wil, sonder jou betrokkenheid. Vertrou Hom, *woon en werk rustig voort*( Ps.37:3) met die dinge van Sy Koninkryk en Sy wil. Hoe meer jy met Sy dinge besig is hoe meer sal Hy jou dinge hanteer.



27 September

## Kos vir God

### Seraja: Die Here veg.

In die Boek Numeri is baie interessante inligting vir ons opgesluit. Daar word baie van die verskillende offers gepraat. Daar word detail besonderhede, van hoe hierdie offers gebring moes word, verstrek. Enige afwyking van die voorgeskrewe reëls is nie deur God geduld nie. Dikwels is die afwykings met die dood gestraf. Iets wat by die meeste offers vermeld word, is dat die reuk van die offer vir God aangenaam is, soos in Numeri 15: 7: *Dit moet 'n vuuroffer wees wat lekker ruik vir My*. Die vraag is hoe kan ons vandag nog God se sintuie streel om dit vir Hom aangenaam te maak? Ons bring tog nie meer vuur- en brandoffers nie. Die vraag word vir ons beantwoord in die woorde: *Lof is die offer wat ons vir God moet bring* (Psalm 50:14). Is ons lof aan God ook dan vir Hom 'n aangename reuk wat Sy sintuie prikkel?

Dit is nie net God se sintuie wat deur reuk geprikkel word nie. Die mense om ons is ook bewus van reuke, reuke wat deur ons versprei word. Ons kan 'n aangename reuk van die lewe vir ons medemens uitleef of ons kan die reuk van die dood vir hulle uitleef (2 Kor. 2:16).

In Numeri 28: 1 en 2 staan hierdie interessante gedeelte vir ons opgeteken ( Die Bybel vir almal):

*Die Here het vir Moses gesê: Jy moet vir die Israëliete sê hulle moet My offers vir My gee op die tyd wat Ek sê, die offers wat Ek moet kry. Dit is kos vir My, dit is vuuroffers, dit ruik lekker vir My.*

Is dit nie 'n aangrypende gedagte dat ons deur ons lof aan God, die Almagtige, die Ewigvoorsienende, plesier aan Hom kan verskaf nie? Dit alles deur aan Hom iets te bied, wat vir Hom soos kos met 'n aangename reuk is?

**Serebja: Gloed van die Here.**

In Matteus 7 word ons dringend vermaan om nie te haastig te wees om oor ander te oordeel nie. Ons word gewaarsku dat *ons met dieselfde maatstaf beoordeel sal word as waarmee ons ander beoordeel*. In die Amplified Bible word oordeel met drie woorde verklaar, naamlik: **Criticize**, **judge** en **Condemn**. Ons word dus gewaarsku om nie te kritiseer, te oordeel of te veroordeel nie. Wat is dit in die mens wat hom so maklik laat kritiseer? Wat beteken dit om te kritiseer? Dit is om 'n fout in jou medemens se optrede raak te sien, die fout uit te lig, dit aan die groot klok te hang en die persoon wat oortree het te verdoem asof daar nie hoop of vergifnis vir so 'n persoon is nie. Wat motiveer 'n mens tot hierdie optrede? Iets moet binne in die mens wees wat hom dryf om so op te tree. Iets in hom skep die behoefte om ander mense se foute uit te wys en hulle as gevolg van die foute af te skryf. Aangesien om te oordeel, sonde is, en alle sonde in wese opstand teen God is, moet hierdie gedrag dus ook opstand teen God wees. Alle sonde het by satan begin in sy opstand teen God. Iets van die mens se opstand moet dus in satan se optrede te vinde wees. In wese het satan van homself 'n afgod gemaak toe hy in opstand teen God gekom het. Die kern van satan se sonde is dus in selfverheffing te vinde. **Die kiem van selfverheffing lê ook in mens se geneigdheid tot veroordeling van ander.** Wanneer ek ander oordeel en kritiseer verplaas ek die lig weg van my eie gebreke na die van my medemens. Daarom sê

Jesus dan ook dat ons eers die *balk uit ons eie oog moet haal voordat ons die splinter in die broer se oog wil begin ondersoek (Mat.7:3)*.

Daar is nog 'n rede vir ons beheptheid met kritiek en dit is dat wanneer ek my medemens skuldig kan maak ek hom aftrek van die morele hoëgrond waarop hy was. Dikwels kan ek nie bykom waar my broer of suster hulle moreel bevind nie. Die enigste wat dan oorbly is dat hulle so 'n bietjie afgetrek moet word na my vlak toe.

Om jousef aan te stel as die groot inspekteur van ander se optrede, is bloot baie arrogant. Wie gee jou die reg om dit te doen. Hoe arrogant kan jy wees om jousef te sien, asof jy nie foute het nie. Anders sou jy tog nie die vermetelheid gehad het om jousef as regter te benoem nie. Om ander te kritiseer en te oordeel kom net daarop neer dat jy 'n baie opgeblase idee van jousef en jou eie moraliteit het. Dit is seker ook een van die redes waarom Jesus so duidelik vir ons gesê *het dat as ons agter Hom aan wil kom, ons onself moet verloën (Mat. 16:24)*. In selfverloëning is nederigheid, die erkenning van God as die enigste Een wat waarlik goed is, en daarom die enigste Een wat oor ander kan oordeel.

Jesus se eerste koms na die aarde toe, het gepaardgegaan met die bring van die Evangelieboodskap. Hy het die oplossing vir ons probleem van sonde gebring.

**Die wet van liefde as maatstaf van sy oordeel het 'n heel ander aanslag gehad as die wet van die Ou Testament wat sterk op oordeel en veroordeling gesteun het.** Ons is verplig om by die betoning van liefde aktief te raak. Liefde,

soos Jesus dit vir ons kom demonstreer het, is vol genade erbarming en nie oordeel nie. Jesus sal by sy wederkoms egter as regter begin optree, wanneer net sekere mense Hom in die lug tegemoet sal gaan. Uiteindelik sal daar die Groot Wittroonoordeel wees. Om te oordeel en te veroordeel is net nie die mens se taak nie. Die mens is nie verhewe bo die proses van veroordeel te word nie. Daarom is dit so gevaarlik om God te probeer speel en ander te oordeel.

So is dit dan moontlik om 'n hele paar afleidings te maak ten opsigte van die persoon wat gedurig kritiseer, oordeel en veroordeel. Oppas net dat jy in die beoordeling van die persoon wat beoordeel nie self skuldig raak nie.

**Silletai: Die Here is Skadu, beskerming.**

Ons word sterk deur Jesus aangespreek om nie te kritiseer en nie te oordeel nie (Mat.7:1). Daar mag verskeie redes wees waarom kritiek en oordeel vir die een wat dit uitspreek sielsvernietigend is.

*Jesus sê dat met die oordeel waarmee ons oordeel ons geoordeel sal word. Hy raai ons aan om eers die balk uit ons eie oog te haal voordat ons probeer om ons medemens reg te sien (Mat. 7:2). So sal ons sien aansienlik kan verbeter vir die delikate operasie aan ons medemens se oog.*

Hoe is dit moontlik dat ons, wanneer ons ons medemens sien soos hulle regtig is en hulle oortredings teenoor ons ervaar, ons nie meer bitter en wrokkig word nie? Die enigste rede is dat ons hulle nou vanuit Jesus se oog sien. Hy wat in ons woon sien die oortreding en Hy haat die **oortreding**, maar Hy het deernis met die **oortreder**. Dit is juis om die oortreder te red, van dit wat die oortreder verkeerd doen, dat Hy Homself kom opoffer het. Hy kyk met liefde en vergifnis na die berouvolle oortreder en tree vir hom in by Sy Vader. Indien ons Jesus toelaat om deur ons te lewe, sal Hy ook deur ons die oortreder wat teen ons oortree, vergewe.

Waar kom die kritiek en oordeel van die mens vandaan? Waarom is dit so 'n wesentlike probleem by die meeste mense?

Soos die meeste sonde het kritiek en oordeel ook sy oorsprong in die Paradysverhaal toe satan Eva verlei het. Satan oordeel oor God en verklaar Hom tot leuenaar. So lewer hy ernstig kritiek op God. Hy trek Eva in by sy kritiek en oorreed haar om hom, eerder as God, te glo. Die res van die mens se sondeval is goed bekend (Gen. 3).

Satan kry in die verleiding van Eva dit ook reg om haar te laat glo dat die mens 'n god kan wees. Hy laat haar glo dat sy soos God kan wees deur alles te kan ken. Hy laat haar so belangrik voel dat sy **haarself ontdek en in haar eie vermoëns begin glo**. Hier is die hart, die kern van die mens se afval, van sy verwording gebore. Die begin van 'n positiewe selfbeeld het sy kop uitgesteek. Die mens het begin glo dat hy alles kan weet, soos God kan wees, goed kan wees en onafhanklik van God kan bestaan. Die selfverheffing van die mens het ook na sy medemens toe uitgebrei. Indien die mens god kan wees is sy medemens ook gode. Die verheffing van die mens het in die moderne tyd die naam van **Humanisme** gekry. Indien die natuurlike mens dan so wonderlik, goed en onafhanklik is, is dit ondenkbaar dat hierdie mens sleg, vuil, dom en swak is. Die illusie van die volkome onafhanklike goeie natuurlike mens is gebore en word deur die sterk klem op Humanisme aan die lewe gehou. Solank die illusie van die goeie selfgenoegsame mens bestaan sal daar 'n **verwagting** wees ten opsigte van hierdie mens. So is daar 'n verwagting dat die natuurlike mens eerlik moet wees, regverdig moet wees, verantwoordelik moet optree, moreel korrek moet leef,

hardwerkend sal wees, padverkeersreëls sal nakom, vriendelik sal wees ens. **Solank daar volgens die leuen van Humanisme, na die supermens in die daaglikse lewe gesoek word, wag daar voortdurende ontgogeling, teleurstelling en selfs bitterheid.** Kritiek en oordeel hoort in hierdie sfeer tuis; dit is die natuurlike mens, wat vanweë die leuen van Humanisme, 'n onnatuurlike verwagting het dat die mens goed en regverdig sal wees. God het die waarheid oor die mens vir ons in die Bybel opgeteken. Die natuurlike mens is skelm, onregverdig, onverantwoordelik, moreel korrup, lui en sal verkeersreëls verontagsaam en sal gewoonlik onvriendelik wees. Wanneer die mens nie meer bedrieg word deur die leuens van satan nie, sal die mens in sy gevalle sondige toestand gesien word vir wie en wat hy is. Dan sal die verwagting van die mens realisties word en sal die mens nie hoef terug te val op kritiek en oordeel oor ander mense nie. Wanneer Jesus in die sondige mens se lewe oorneem, sal die nuwe mens deur Jesus se oë na ander gevalle sondaar kyk. Die nuwe mens sal weet dat die ou mens, uit homself tot niks goeds in staat is nie. Hy sal met deernis vergewe en die gevalle mens na God toe probeer lei.

Kom ons sluit af met 'n laaste gedagte van Oswald Chambers:

***Our Lord trusted no man, yet He was never suspicious, never bitter. Our Lord's confidence in God and in what His grace could do for any man, was so perfect that He despaired of no one.***



30 September

## Kwaadpraat

### Simri: Die Here waak.

Kwaadpraat het baie met ons geloof te make. Dikwels ondermyn satan ons geloof deur die kwaad wat ons praat. Hoe kry hy dit reg? Die grootste toets vir 'n mens se geloof is om te kan glo, dat sy sondes om Jesus ontwil, vergewe is. Indien die mens onseker is of dit wat hy sê sonde is, kan hy nie daardie sonde opreg voor God bely nie. Satan kan dan so die sagte influistering van die Heilige Gees in die mens se gewete ondermyn. Wat is kwaadpraat vir jou? Word jy in jou gewete aangespreek deur jou kwaadpraat? Pla dit jou dat jy kwaadpraat? Of is jy op daardie punt waar satan jou wil hê, deurdat jy nie eintlik seker is oor wat met kwaadpraat bedoel word nie?

Wat beteken dit dan om kwaad te praat? In 1 Korintiërs 5: 11 en elders word kwaadpraat met die volgende in verband gebring (Bybel in Praktyk, 1983 Vertaling, Amplified Bible, Die Boodskap):

*Om 'n persoon met dit wat jy sê, te **beledig en af te breek**, soos om 'n persoon uit te skel as idioot, onnosel, stupid, bobbejaan, hond, hoender ens.( Mat.5:22)*

*Om van 'n ander persoon te **skinder** (Iets agter sy of haar rug te sê wat jy nie bereid is om voor hom of haar te sê nie).*

*Om **vuil taal** te gebruik soos om te vloek, veral om God se Naam oneerbiedig te gebruik. In hierdie verband word die persoon wat net passief toeluister, terwyl*

*God se Naam misbruik word, deel van die misbruik van God se Naam, soos om na 'n televisieprogram te kyk waar God se Naam misbruik word.*

*Om in woede dinge uit die boosheid van jou hart te laat opborrel. Dit wil sê om die ander persoon te **kwets en seer** te maak.*

*Om **leuens** te vertel, veral om ander persone te benadeel.*

*Om in gebreke te bly om ander deur jou woorde **op te bou** en te ondersteun.*

*Om in onvergifnis ander te **veroordeel** vir dit wat hulle aan jou gedoen het in plaas van om te ly in die onreg wat jou deel geword het.*

*Wanneer jou gebed **selfsugtig** en selfgerig raak.*

*Om persone met woorde te **verwond**.*

Nou is kwaadpraat effens duideliker omskryf. Uit hierdie voorbeelde van kwaadpraat is dit makliker om meer bedag te wees op die baie maniere wat dit moontlik is om kwaad te praat. Dit is nie moeilik om die influistering van die Heilige Gees te hoor nie. Moontlik sal die influistering van Sy Gees harder vir jou klink as satan se geskree dat kwaadpraat nou nie eintlik 'n probleem in jou lewe is nie.

**Sitri: God is my beskerming.**

Ten slotte was daar nog die een verslawing in die gelowige se lewe oor naamlik kos. Dit is die basiese, die grootste, die belangrikste verslawing. Dit is een van die afgode wat spesifiek in die Bybel vermeld word, wanneer die mens gewaarsku word om nie van sy maag 'n afgod te maak nie (1Kor. 6:13). Wanneer word kos 'n afgod? (*Jy sal in die eerste instansie aan jou lyf kan sien of kos 'n afgod geword het. Wanneer kos of sekere kossoorte jou gedagtes begin oorheers. Wanneer jy voel dat jy hierdie of daardie kos nou moet hê terwyl jy nie regtig dit nodig het nie. Wanneer jy kies om te eet eerder as om met God besig te wees. Wanneer die genot van te eet, die genot van God se teenwoordigheid oortref.*) Hierdie een ding, naamlik kos, is baie gevaarlik want die mens moet eet om te oorleef. Dit is soos met 'n drankverslaafde wat nooit in sy lewe na sy rehabilitasie ooit weer alkohol mag inneem nie. Die mens is verslaaf aan kos maar moet ongelukkig weer eet, na hy sy verslawing oorkom het. Daarom is daar altyd weer die gevaar dat die afgod van kosverslawing hom weer in sy greep gaan kry.

Satan het hierdie primêre swakheid in die mens se mondering geïdentifiseer en hy het dit reggekry om Eva met die begeerlikheid van kos te verlei. Na hierdie geweldige oorwinning het satan baie vertrouwe in die verleiding van kos ontwikkel. Dit was dan ook die heel eerste verleiding wat hy probeer in werking stel het toe hy Jesus probeer verlei het. Dit was nadat Jesus 40 dae sonder kos was. Hy het

Jesus probeer oorreed om vir hom, satan, te luister en te doen wat hy wil hê Jesus moet doen: *As U die Seun van God is, sê vir hierdie klippe hulle moet brode word (Mat. 4:3)*. Wat 'n geweldige versoeking was dit nie vir iemand wat 40 dae sonder kos was nie. Hierdie keer het satan hom egter lelik vasgeloop en moes hy ander dinge probeer om te verlei.

Jesus het in sy hantering van kosversoeking ook vir ons die weg aangedui van hoe ons oorwinning oor hierdie verslawing kan kry. Jesus bestraf satan en haal God se Woord aan: *Die mens sal nie van brood alleen lewe nie maar van elke woord wat uit God se mond uitgaan (Mat.4:4)*. Die belangrikheid vir die mens se oorlewing, is dus nie geleë in dit wat by die mens se mond ingaan nie, maar dit wat by God se mond uitgaan – Sy Woord. So is die mens se oorwinning oor die afgod van kos dan opgesluit in die Woord van God (1 Joh.1:1). Dit wil sê in Jesus. Hy is die Woord van God. Om in Hom te bly gee oorwinning. Wanneer jy gevoed word met die Woord in jou siel, sal die fisiese behoefte aan kos, ondergeskik word. Daarom is dit so sinvol om te vas, te bid en met God te verkeer. In jou vas vereenselwig jy jou met Jesus en wel met Hom is Sy lyding, maar ook in Sy oorwinning. In vas word jy losgemaak van die wêreld se genot, die afgod se mag. In jou vas demonstreer jy Jesus se oorwinning oor die vlees. Die mag van die afgod is gebreek

**Sotai: Die Here wyk.**

In sy diepste wese is die natuurlike mens korrup. Al is hy of sy nie ‘n moordenaar of ‘n dief nie, setel sy of haar korrupsie, diepgewortel, in die behoefte om self iemand of iets te wil wees. Selfs die gelowige sal teen hierdie korrupsie moet weerstand bied. Al is hy of sy ou natuur saam met Christus gekruisig, sal daar altyd ‘n stryd wees om die ou natuur, wat weer wil opstaan, voortdurend te kruisig.

Teenoor hierdie wesenskorrupsie van die eie ek in die mens, staan daar die nuwe lewe wat die gelowige in sy opstanding saam met Christus deelagtig geword het. Hier word gedink aan die dag toe die mens wedergebore is en hy in ‘n persoonlike verhouding met Christus te staan gekom het. Dit wil sê die dag toe Jesus sy Vriend en Broer geword het.

Soos met enige vriendskap wissel die intensiteit van jou vriendskap met Jesus. Soms voel dit of Hy baie naby aan jou is en smaak jy voortdurend sy wonderlike vrede. Soms is dit egter nie so ‘n intieme verhouding nie. Jy raak ook besig met die dinge wat gedoen moet word, en wat jou gedagtes opeis. Soms voel dit vir jou of jy graag meer van Sy teenwoordigheid sou wou gesmaak het. Juis oor hierdie tydperk, waartydens daar minder persoonlike kontak met Hom is, wil ek vandag met jou praat.

Hoe kan die mens meer van Christus se teenwoordigheid ervaar? Die eerste gevaar wanneer 'n mens oor hierdie saak begin wonder is dat jy sal terugval in die korrupte natuur se denkwyses. Die oomblik wanneer jy begin wonder oor wat kan **ek** doen om die verhouding met Jesus meer intiem te maak is jy reeds in die denkpatroon van die ou mens. Jou uitgangspunt is verkeerd en jy stel die verkeerde vraag. Vanuit jou nuwe verhouding met Jesus sou die regte uitgangspunt gewees het om te vra *hoe kan ek toelaat dat Hy meer in my lewe word? Of hoe kan ek my lewe meer oorgee aan Hom? Of hoe kan ek Hom meer vertrou met my lewe?* Onthou alles gaan oor Hom. Hy is nie vir ons gemaak nie maar ons is vir Hom gemaak. Hy is God. Hy is Almagtig. Hy is Alwys. Dit sou veel effektiewer gewees het om die *Onse Vadergebed* te gebruik as uitgangspunt om meer van Jesus in jou lewe deelagtig te word, byvoorbeeld:

1. Laat U Naam-----
2. Laat U Koninkryk-----
3. Laat U wil ----(Mat. 6:9)

Met ander woorde om te bid dat Jesus dinge sal toelaat om te gebeur en dat Hy sal laat gebeur wat Hy weet die beste vir Sy koninkryk en Sy eer is.

**Tebalja: Die Here reinig.**

Kom ons kyk verder na die beginwoorde van die vierde, vyfde en sesde bede van die *Onse Vader* (Mat. 6:11):

4. Gee asseblief vandag (vir my)-----

5. Vergewe asseblief (vir my)-----

6. Lei my -----

Die res van die Onse Vader plaas jou nog verder in die regte verhouding met Jesus wanneer jy in afhanklikheid vra dat Hy vir jou moet *gee*, dat jy opsien na Hom vir *vergifnis* en Hom vra om jou te *vergewe*, en dat jy in diepe afhanklikheid na Sy *leiding* vra, veral wanneer jy getoets en beproef word.

In hierdie gesindheid, waar jy jou oopstel vir Hom, en toelaat dat Hy maak soos Hy goed dink, kom jy in die regte verhouding met Hom en kan jy Sy teenwoordigheid en vrede weer geniet.

In hierdie gesindheid begin jy iets van kruisdra ervaar. Nou begin jy jou lewe weggee, opoffer vir Hom. Nou begin jy iets van Jesus se lewe leef wanneer jy jou lewe weggee vir jou Vriend. Die wonder van hierdie gebeure is dat jou verhouding met jou Vriend herstel word. Meer nog, al jou Vriend se vriende word nou ook jou vriende, jou boeties en jou sussies.

Daarom, my vriend, is die oplossing van die versteurde verhouding opgesluit in 'n paar eenvoudige woordjies soos:

***Laat---Toelaat --- Oorgee--- en Vertrou.***

Die ou korrupte mens kan hierdie woorde nie verdra nie. In hierdie woorde is daar egter die geheim van 'n voortdurende intieme verhouding met jou Beste Vriend opgesluit.

Daar is nog een sleutelwoord waaroor iets gesê moet word en dit is die woordjie:

***KOM.***

Dit is veral in Johannes 6:37 waar hierdie woordjie besondere betekenis kry:

*Almal wat die Vader vir My gee, sal na My toe **KOM**, en Ek sal hom wat na My toe **KOM** nooit verwerp nie.*

Jy wat al soveel kere na Hom toe gekom het in jou nood, met jou sondelas, in jou vertwyfeling, in jou vrese met jou behoeftes, jy mag weet jy kan maar waag om Hom **toe te laat** om Sy beloftes, aan jou, uit te voer.

Geniet nou hierdie heerlike wete dat Hy jou nie verwerp nie maar aanneem. Jy is Syne. Hy het jou lief en Hy wil jou Broer en Vriend wees. ***Laat Hom toe.***



**Theofilus: Vriend van God.**

Die leuen van *verwagting* het in die Paradys begin (Gen. 3). Satan het dit reggekry om by Eva 'n verwagting te skep deur van 'n leuen gebruik te maak. Hy het by Eva die verwagting geskep dat sy soos God sal wees, deur alles te ken, indien sy bereid sou wees om aan God ongehoorsaam te wees. Sedert hierdie ongelukkige dag het satan die tegniek om *leuenagtige verwagtings* te skep nog nooit verander nie. Waarom sou hy indien hy soveel sukses daarmee behaal? Dink nou maar aan die volgende drie moderne weergawes van hierdie tegniek:

1. Die beste voorbeeld van onvervulde verwagtings kry ons in die *Molgif word skreeuend op die bygaande pamflet aangeprys as die "One and All" vir molverdrying. Die verwagting word opgewek dat die klein botteltjie gif molle teen 'n skamele R129 vir ewig sal verdryf. Dit werk ongelukkig nie so nie.*
2. *Twee ou mensies kom met 'n leeftyd se spaargeld , R1.2 miljoen, by die makelaar met die verwagting dat hy 'n wonderplan vir hulle sal uitwerk sodat hulle gemaklik sal kan aftree. Hy skep die verwagting by hulle dat op grond van die historisiteit van die beleggings, 'n opbrengs van 12 tot 19 persent verwag kan word en dat die tweetjies 'n kommerlose oudag sal kan geniet. Hy los soveel harde realiteite uit, wat nooit aan die ou mense geopenbaar word nie. Soos dat die ekonomie op die rantjie van 'n resessie*

*huiwer, dat die markte baie af is, dat inflasie teen 'n hoë tempo toeneem en dat hulle mediese fonds alleen binne 5 jaar hulle hele pensioentjie sal insluk. Vir die makelaar se “wonderlike advies” wat ongeveer 'n halfuur neem om te verskaf, haal die twee ou mensies met vreugde R20, 600 van hulle spaargeldjies uit, as fooi vir sy gewaardeerde professionele diens.*

***Dit werk ongelukkig nie so nie.***

3. *Advertensiebedryf. Die hele bedryf is gebou op die skep van verwagtings by kliënte. Indien jy hierdie pil sluk, of daardie roompie aansmeer sal jy soos die model op die botteltjie lyk; jy sal pragtig wees, gesond, gelukkig en populêr. Indien jy net in hierdie motor ry sal die meisies vrek oor jou, mense sal dink jy is welvarend, hulle sal jou eer en respekteer. Die kleindrukpaaiement is nie 'n faktor nie, kyk net na al die voordele. **Dit werk ongelukkig nie so nie.***

So mislei satan vandag nog mense op velerlei wyses met dieselfde tegniek, gevoed uit die mens se sieklike begeerte om self iets en iemand te wees. So word *verwagtings* net 'n ander woord vir *hoë risiko hoop*. Die enigste verwagtings wat nie risiko's inhou nie is die verwagtings wat die Bybel by ons opwek. Hierdie verwagtings is gegrond op God se beloftes. Nog nooit het iemand wat gewaag het om sy verwagtings op God se Woord te bou, teleurgesteld omgedraai nie.

**Jes. 49:23**

*For they shall not be put to shame who*

*Wait for*

*Look for*

*Hope for*

*And expect Me.*

*(Amplified Bible)*

**Timotheus: Prys God.**

Die natuurlike mens is ingestel op hom of haarself. Die mens soek sy eie eer, sy eie belang en sy eie voorspoed. Die natuurlike mens wil self belangrik voel. Hy of sy is gedurig opsoek na aanvaarding. So 'n mens vrees verwerping. Alles wentel om die self, om die self goed te laat voel oor die self. Die voorspoed van die self is die nommer een prioriteit van die natuurlike mens. Die natuurlike mens is verder sterk ingestel op onafhanklikheid om sodoende sy eie ding te kan doen, onafhanklik van ander. Gewoonlik word rykdom en materiële besittings vir die doel geïdentifiseer. So word die natuurlike mens 'n maklike teiken vir die predikers van die voorspoedsteologie.

Die leuen van voorspoedsteologie word sterk deur die moderne media bevorder. Geluk word gelykgestel aan materiële voorspoed. Van vroeg in 'n mens se lewe af, word die deugde van rykdom by die kind ingeskerp. Die kind word geleer dat status van rykdom af kom. Die kind word gebombardeer met die deugde van sukses wat vir die meeste mense sinoniem is met 'n hoë inkomste. Ten alle koste moet materiële voorspoed bekom word. Vir die meeste gemiddelde inkomsteverdieners, is die enigste uitkoms uit middelmatigheid, in die verwerwing van kwalifikasies geleë.

Die reklamewêreld het lank gelede al die mag van die menslike swakheid, in sy sug na belangrikheid en materiële voorspoed, begin uitbuit. Die misleiding van

die reklamewêreld is tot 'n fyn wetenskap ontwikkel. Hoofsaaklik fokus die meeste leuens van die reklamewêreld op die menslike swakhede soos die belangrikheid van die eie ek, die behoefte aan aanvaarding, die vrees vir verwerping, die status wat met die oormaat van besittings geïdentifiseer word. Daarom wentel die leuens van die reklamewêreld meestal om kwessies van hoe geld gespaar kan word, hoe meer geld bekom kan word, hoe jy belangrik en aanvaarbaar kan voorkom deur spesifieke klere, motors of huise te besit. Dikwels word ook geteer op die mens se vrees vir afhanklikheid en verwerping. Dink maar net aan hoe sterk aftree-oorde bemark word deur op hierdie vrese van bejaardes te teer. Gewoonlik word die leuen van reklame toegedraai in die geskenkpapier van een of ander wonderlike diens wat aan die kliënt gelewer gaan word.

'n Teiken vir die voorspoedsteologie is die godsdiens. Gewoonlik word die godsdienstige leiers eerste geteiken want hulle is die persone wat die boodskap aan die res van die gelowiges moet oordra.

Oppas, min mense is immuun teen die voorspoedsteologie. Dalk is jy nou besig om een of ander rede te soek, om nie te glo wat jy nou geles het nie.

6 Oktober

## Lewe na die dood

### Tob-Adonia: My Here, Here is goed.

Hou jy iemand wat gesterf het aan die lewe? Ek praat nou nie van hart-long masjiene nie. Die meeste van ons het die wonderlike vermoë om mense wat dood is lewendig te hou. Lank terug het iemand dalk gesterf. Hierdie persoon het jou dalk op een of ander manier 'n onreg aangedoen. Dalk skuld die persoon jou geld, dalk het die persoon jou verneder, dalk het die persoon jou finansiëel laat ondergaan, dalk was die persoon ontrou aan jou gewees. Dit is dalk steeds vandag nog moeilik vir jou om daardie persoon te vergewe. Deur jou onvergifnis hou jy daardie persoon vir jouself aan die lewe. Daar is niks meer wat die persoon kan doen om dit wat hy of sy aan jou gedoen het, weer ongedaan te maak nie. Elke keer wanneer jy onthou wat die persoon gedoen het, dit koester in jou binneste, nie wil laat gaan nie, die persoon nog steeds verkwalik, hou jy die persoon vir jouself aan die lewe. Deur jou onvergifnis is jy die slaaf van hierdie persoon al het die persoon dalk lank terug al gesterf. Vanuit die dood regeer die persoon nog steeds oor jou emosies. Meer nog, deur jou gevange te hou deur jou onvergifnis, maak die persoon dat jy ook nie vergifnis by God vir jou sondes kan kry nie (Mat. 6: 14 en 15). Die persoon is dalk besig om te maak dat jy die ewigheid by Christus misloop. Gaan jy die persoon toelaat om jou weer te veronreg ? Gaan jy toelaat dat die persoon jou uit die hemel hou? Jy kan kies om die persoon te vergewe, en wat aan jou gedoen is te vergeet. Indien dit vir jou te moeilik is moet jy weer die

gedeelte in Mat 18: 21 tot 35 gaan lees. Indien jy daarna nog steeds nie kan vergewe nie, moet jy weet dat jy dalk nog nooit jou eie vergifnis deur God, honderdpersent aanvaar het nie.

**Tobia: Die Here is goed.**

Baie dinge wat vandag nog 'n wesentlike invloed op ons lewens het, het hulle oorsprong in dit wat in die paradys, duisende jare gelede gebeur het. So is onder andere die vloek van die dood oor die mens, en die skepping, in die paradys uitgespreek, na die mens se sondeval. Alles moes sterf. Genadiglik was dit nie die einde nie. In God se goedheid en erbarming het Hy bepaal dat na dood daar weer lewe sal wees. Dus eers lewe, dan vanweë die sondeval die dood, dan vanweë God se genade weer lewe. Bykans alles in die lewe herinner ons aan hierdie ewige waarheid. Kom ons kyk na enkele bevestigings van lewe wat uit dood te voorskyn kom:

1. Die menslike liggaam moet eers afsterf voordat die mens 'n nuwe liggaam van God sal ontvang.
2. Die menslike siel moet met 'n nuwe siel vervang word: Die verstand en denke sal nuut word. Die emosies soos haat, moet eers sterf voordat die Heilige Gees nuwe emosies soos liefde laat leef. Die menslike wil moet eers afgelê word voordat 'n nuwe wil, God se wil, begin lewe in die mens.
3. 'n Huwelik kan net slaag waar die egliede bereid is om aan hulleself te sterf en hulle eie selfsugtige behoeftes af te lê.
4. 'n Saadjie kan net begin groei tot nuwe lewe nadat dit in die grond gesterf het.



5. Geen mens kan agter Jesus aankom sonder om homself te verloën en te kruisig nie.
6. Die winter se doodsheid moet eers kom voordat die nuwe lewe van die somer aanbreek.
7. Eers moet haat sterf voordat liefde geleef kan word.
8. Die begeerte om te besit moet eers gedood word, voordat die skat van verlossing ontvang kan word.
9. Eers moet selfgenoegsaamheid sterf, voordat geloof gebore kan word.
10. Saulus moes eers neergeslaan word, voordat Paulus kon opstaan.
11. Die aarde moet eers deur vuur sterf voordat die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde sal neerdaal.
12. Eers moet die mens se eie eersoek gekruisig word voordat God se eer gesoek kan word.
13. Eers moet die mens sy eie koninkryk opgee voordat hy God se Koninkryk kan begin soek.
14. Eers moet die mens se eie wil sterf voordat God se wil in die mens gestalte begin kry.

Wanneer die mens die beginsel van lewe uit dood begin snap, is daar soveel minder konflik in sy lewe. Dan kan die mens in alles begin dankbaar word. Dan is daar nie voortdurend stryd in die mens nie. Dan brand die mens nie meer uit nie. Hy leef in harmonie met die ewige beginsel *van iets wat alleen uit niets kan*

*ontstaan* sodat geen mens voor God sal kan roem oor enigiets wat 'n mens tot stand gebring het nie.

8 Oktober

## Lewensriglyne .

### **Uria: My lig is die Here.**

Wil jy miskien na algemene riglyne vir 'n mens se lewe kyk, soos dit in

Kolossense 1: 9 tot 29 (Boodskapbybel) vir ons uitgespel word?

*Vers 9: Mag die Heilige Gees julle duidelik wys hoe julle moet leef. 10: Dan behoort julle mos nie te twyfel oor wat presies God van julle wil hê nie. En as julle weet wat om te doen en dit doen, sal die Here trots op julle wees en tevrede voel oor hoe julle leef. Mag alles wat julle doen vir julle goeie vrugte dra en julle meer van God se plan vir julle lewe laat verstaan.*

*Vers 11: Staan vas en hou moed!*

*Vers 12: Ek bid ook dat julle met 'n blye glimlag aan die Vader alle eer sal gee en Hom sal grootmaak. Sê vir Hom dankie. Hy het alles gedoen wat nodig is sodat julle die reg het om vir altyd te wees waar Hy, die groot Koning heers. Daar waar God se wonderlike lig sonder ophou skyn, sal julle saam met al Sy kinders bly.*

*Vers 16: Alles is deur Hom gemaak. Alles wat gemaak is moet daarna streef om Hom gelukkig te maak.*

*Vers 20: Hy (Jesus) is mos die doel waarom alles geskep is.*

*Vers 22: Die Seun het vrede kom maak tussen God en julle. Juis daarom het hulle Hom liggaamlik doodgemaak. Sy doel was egter om van julle iets besonders te*

*maak. Hy wil dit so bewerk dat julle God heeltemal tevrede sal stel sodat daar niks in julle is waarvan God nie hou nie. Julle moet egter net vas bly glo.*

*Vers 24: Ek loop nie met 'n lang gesig rond oor al die swaarkry en lyding wat my oorgekom het nie. Inteendeel ek is bly daaroor. Julle weet hoe Christus vervolgt is. Wel hierdie vervolging van Hom het nog glad nie opgehou nie. Ek self loop nog net so onder fisieke vervolging deur.*

*Vers 25: Met alles wat ek het werk ek vir die evangelie.*

*Vers 26: Op my skouers rus die verantwoordelikheid om die boodskap van God van begin tot end aan julle te verduidelik.*

*Vers 28: Ek wil hê dat elke mens die Goddelike doel in sy lewe moet bereik. Dit is alleen moontlik deur 'n intieme verhouding met Christus.*

Ons probleem wanneer ons die *waar, hoe, wanneer* en *wat vrae* begin vra, is dat ons dikwels hierdie vrae vanuit die verkeerde ingesteldheid vra. Ons vra dikwels hierdie vrae asof ons met ons behoeftes, ons node en ons begeertes, die primêre fokuspunt is. Eintlik is ons veronderstel om Jesus se groot opdrag uit te voer deur onself te verloën en ons kruis van selfverloëning elke dag op te neem. Dan sal ons iets begin verstaan van hoe om God eerste te stel in ons lewens, en Hom waarlik toe te laat om koning van ons lewens te word. Indien ons die Heilige Gees **toelaat**, aan Hom **oorgee**, Hom ons **laat lei** en **bestuur** (Gal. 5), sal ons God nie meer vir ons eie doelstellings probeer manipuleer nie. Dan gaan dit oor Hom. Dan

het ons ons lewens waarlik vir Hom begin opgee. Dan raak ons bruikbaar vir wat Hy wil, waar Hy wil, wanneer Hy wil en soos Hy wil

9 Oktober

## Lied van die Router (1)

### Uriël: God is my lig.

Vir die Afrikaanse taalpuris word hier van ‘n *verdieper*, of ‘n *verdiepskaaf*, gepraat. Vir die wat nog nie by is nie, dit is ‘n stuk handwerkgereedskap. Met hierdie stuk gereedskap kan die wonderlikste patrone in hout uitgesny word. Die lemmetjie van die masjien loop teen hoë toere, ongeveer 20,000 omwentelings per minuut. Die gevolg is dat ‘n baie egalige rantjie met die masjien gesny kan word. Omdat die masjien teen so ‘n hoë spoed loop, maak die masjien ‘n kenmerkende fluit geluid. Vir die liefhebber van houtwerk klink dit soos musiek in sy ore.

Lank terug, ongeveer 2000 jaar, was daar ‘n ander skrynwerker. Hy het nie die moderne masjiene gehad wat vandag beskikbaar is nie. Hy moes met die hand en ‘n beitel die patroontjies uitkerf. Dit was stil waar hy gewerk het, die lied van die router was afwesig maar ek glo daar was ‘n lied in Sy hart toe Hy die produk sien vorm aanneem het onder Sy hand. Eenvoud en stilte het Sy werk en Sy werkplek gekenmerk. Ek glo dat indien jy fyn sou luister sou jy die hout hoor uitroep het, die hout sou ‘n lied gesing het soos die router. Hierdie lied sou dalk woorde soos die volgende gehad het.

*Dankie Skepper God dat U die plante en bome gemaak het.*

*Dankie dat U die hout gemaak het waarmee U nou werk.*

*Dankie dat U my vereer deur iets van my te maak.*

*Dankie dat ek U maar net kan vertrou om hierdie proses met my te voltooi.*

*Dankie dat U my, die hout, gekies het om met U bloed deurdrenk te word wanneer U aan die kruis vir die sondaarmens se redding gaan sterf.*

Terwyl Hy, die Skrynwerker, met die hout gewerk het, het Hy sekerlik gedink aan 'n ander skrynwerker wat besig was om ook uit hout 'n kruis te maak, 'n kruis waaraan Hy, ons Here, spoedig sou hang om boete te doen vir al die mense se sondes.

Die hele evangelieboodskap speel af teen 'n agtergrond van eenvoud en verstaanbaarheid, van konkrete werklikheid, van praktiese geloof, van 'n begrip van wat besig is om te gebeur, sonder redenasies, sonder argumente, slegs die eenvoud van geloof wat die deurslag gee, die vaste wete; dit is My lot, so gaan ek My Vader verheerlik, so gaan My liefde mense vir die ewigheid red

Teenoor die lied van die router staan die fyn, wetenskaplike denke, beredenerings en argumente van satan. Die eenvoud van die lied van die router word oordonder met die fyn uitgewerkte argument van satan om verwarring te bring: *Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie* ( Gen. 3:1) Satan se doel was om die mens te betrek by 'n argument, om die mens uit te lok, om hom intellektueel te prikkel, om hom bewus te maak van 'n ander werklikheid, die diaboliese van argument en teenargument, die genot van *mindgames*, die vermoë

van die mens om selfs die slegte te kies, indien hy dit sou verkies, om te verwar, om uiteindelik die eenvoud van die menslike geloof in God en God se waarheid te ondergrawe. So kon hy die mens bring by die toestand van sonde waarin hy self verkeer het. Die groot dryfveer agter dit alles was die geelwortel van *ek kan soos God word deur alles te ken* (Gen. 3:5). In hierdie selfverheerlikende dwaasheid van die mens het hy geword wat so dikwels in Spreuke en Prediker vir ons voorgehou word: *The self confident fool*. Hierdie is 'n driedubbele verdoemenis van die arrogante menslike strewe na en verafgoding van intellektualisme; die klem op die self, (*I Me and Myself*), die vertrou op myself (*self confident*) en die gevolg van sulke dwaasheid (*Fool*).

So het die lied van die router deur die eeue vervaag totdat die lied verswelg geraak het deur die harde geskreue van satan:

*Man is master of his own fate, he can do anything, he needs nobody apart from himself. He can create his own salvation. Everything is in the mind*

***Verlang jy ook na die eenvoudige lied van die router?***



10 Oktober

## Lied van die Router ( 2)

**Ussa: *My sterkte is die Here.***

Ek het twee vriende wat heelwat van mekaar verskil. Kom ons noem die een *Doktor* en die ander een *Router*. Ons begin by Doktor.

**Doktor** was baie gelowig (en is dalk nog steeds). Die baie studies het hom geleer om analities te dink, te bevraagteken en dinge te beredeneer. Deur die jare het hy meer en meer die intellektuele pad van *bevraagtekening* begin kies. Dinge het hom maklik begin verveel en dit was later net die hoëre, meer ingewikkelde argumente wat vir hom sin gemaak het. Hy het dan ook dinge in die Bybel toenemend begin bevraagteken. Eers was dit net subtiel, soos die neiging maar onder die hedendaagse skrifgeleerdes is. Jy het dit seker ook al baie in jou kerk gehoor: *Eintlik beteken dit so en so en in die oorspronklike Grieks staan dit so opgeteken wat dit en dat kan beteken*. Die gevolg was dat kinderlike geloof en aanvaarding by my vriend geleidelik in die slag gebly het. Dit het toenemend moeiliker begin word om saam met hom net eenvoudig kerk te hou en Geesdinge uit te ruil. Ek het die indruk gekry dat hy soms met sy fundamentalistiese vriend se kinderlike benadering, ten opsigte van geloofskwessies, geïrriteerd begin raak het. Hy het dan ook sy vriend meer en meer op die intellektuele pad begin saamsleep. Genadiglik het die geloofspad geseëvier.

Dit bring ons dan by die ander vriend, **Router**.

Router is 'n praktiese mens. Hy het graad agt (Standerd ses) op skool voltooi. Toe het hy in 'n tegniese rigting begin werk en deur die loop van jare geweldig baie ervaring opgedoen, sodat sy hande vandag vir niks verkeerd staan nie. Daar was by hom nooit groot geestelike groei en groot kennis van die Bybel en verwante sake gewees nie. MAAR hierdie man het nog altyd geloof gehad en leef dit nog steeds vandag prakties uit. Hy is kinderlik, gelowig, vertrouend en die Bybel se waarhede is nie vir hom 'n probleem nie. Al sou daar gestaan het dat Jona die walvis ingesluk het, sou hy dit nog geglo het. Hy weet nie eintlik hoe om te getuig nie, maar ek dink dat God bedoel het dat ons soos hy moet getuig. Kom ek gee jou drie voorbeelde:

- 1. Hy het vroeër op 'n sitrusplaas gewerk. Op die nabygeleë dorp was daar oumensehuisies waarin ou mense met beperkte middele gewoon het. Router het nooit van die plaas af gekom sonder om 'n bietjie vrugte soos 'n sakkie lemoene by elke huisie af te laai nie.*
- 2. Router is baie lief vir diere, veral katte. Wanneer hy jou vertel van hoe sy kat dood is en God op 'n wonderbaarlike manier in die plek van die kat wat dood is, 'n klein katjie na hom toe laat kom het, hoe die katjie teen sy broek opgeklim het en hoe hy die katjie in sy hemsak gesit het, weet jy dat daar 'n God is wat leef. Toe een van die katjies dodelik siek was, sê hy, het hy God gevra om die katjie gesond te maak. Hy sê dat terwyl hy in sy trokkie gery het, het God hom duidelik geantwoord met die woorde:*

*Moenie bekommerd wees nie, jou katjie sal gesond word.* Dit het natuurlik dan ook so gebeur.

3. *Tans werk hierdie vriend van my vir homself as nutsman (handyman). Soms is die werk min en trek hulle bietjie noustrop. Hy het al vir my kinderlik gelowig gesê dat hy nou weer baie werk het, nadat hy die Here gevra het om vir hom werk te stuur.*

Hierdie vriend van my, ou Router, kom nie eintlik in die kerk nie, hy kan nie teologiese kwessies intellektueel beredeneer nie, maar hy glo.

**Wie sal jy graag wil wees: Doktor of Router?**

**Utai: Die Here help.**

Die **selfewe** van die mens, word deur die mens se **begeertes** gevoed en aan die lewe gehou. Die selfewe en gerigtheid op die self is die hart en hartklop van sonde. 'n Mens kan sê die selfgerigtheid van die mens voed die sonde en hou die sonde lewendig. Dink maar hoe satan Eva tot sonde verlei het. Hy het haar van haarself bewus gemaak (Gen.3:1). Hy het haar laat voel dat sy soos God kan word indien sy op haar eie begeertes fokus, en aan haar eie begeertes toegee. Daarom kan daar in die Bybel so sinvol verklaar word dat *die sonde deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is (2Petrus 1:4)*. Die situasie is vandag, 6000 jaar na Eva, nog presies dieselfde. Een van die belangrikste dinge in die natuurlike mens se lewe is om self iemand en iets te wees, om belangrik te wees, om homself te geniet. Hiervoor dink hy het hy sekere dinge vir die self nodig. Hy begeer dan dikwels die volgende in die hoop dat dit sy ego sal streel en van homself iets en iemand sal maak:

1. *Die begeerte na kos.* Eva is deur satan hiermee verlei om aan God ongehoorsaam te wees. Esau is daardeur verlei en het so sy eersgeboortereg vir 'n pot lensiesop weggegee (Gen. 25:33). Satan het soveel vertrouwe in die verleidingskrag van kos gehad dat hy probeer het om Jesus daarmee te verlei. Jesus het vir ons die rol wat kos in 'n mens

se lewe behoort te speel uitgespel toe Hy gesê het dat dit sy voedsel is om die wil van Sy Vader te doen (Joh.4:32).

2. *Seks.* Die begeerte na selfsugtige seksuele selfbevrediging het menige mens al diep in sonde laat wegsink.
3. *Sekuriteit.* Die begeerte om onafhanklik van God, self vir hom sekuriteite te skep, het baie afgode, soos geld, in die mens se lewe ingebring.
4. Basies is die begeerte om self belangrik te wees, self iemand en iets te wees, om jou eie behoeftes te bevredig, self reg te kom sonder andere, om onafhanklik jou eie ding te doen, aan die wortel van omtrent alle sondes; met ander woorde: ***I, me and myself.***

Om te begeer is 'n aanduiding van onvergenoegdheid met wat jy is, wat jy het en jou omstandighede waarin jy verkeer. Jy begeer bo en behalwe wat jy het en reeds besit. Dit is daardie sieklike, *gee my meer en meer en meer; gime, gime, gime.* In Spreuke 30: 15 staan in hierdie verband die volgende opgeteken:

*Die bloedsuier het twee dogters, hulle is Gee! En Gee!*

**Abdeël: Kneeg van God.**

Teenoor *begeer* kan *vergenoegdheid* gestel word. Ons word dan ook in die Bybel aangeraai om tevrede te wees met wat ons het en vir die omstandighede waarin ons verkeer. Soos Paulus verklaar het dat hy geleer het om vergenoeg te wees met sy omstandighede (Fil.4:11). Vergenoegdheid is die resultaat van selfverloëning. Daarom dat Jesus dit as so belangrik beskou om jouself te verloën: *As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën (Mat. 16:24)*. Iemand wat homself verloën, sy eie begeertes ondergeskik maak aan dit wat God van hom verwag, begin op die pad van oorwinning oor sondes loop. So word die hart van sonde, naamlik begeertes, uitgeruk. Vergenoegdheid kruisig die begeerte om die self te handhaaf, die self te dien en die self te bevredig.

Uit vergenoegdheid word die moontlikheid gebore om selfs dankbaar te kan wees vir dit wat jy het, gekry het en dit wat jy is, sowel as vir wat jy nie kry nie en nie is nie . Sonder vergenoegdheid as fondament kan daar nooit dankbaarheid wees nie. Dankbaarheid is Goddelik. Wanneer ons in tevredenheid dankbaar begin optree, begin ons soos Jesus raak. Dan is ons nie meer ver van liefde af nie . Waar begeerte alles na die self toe krap, kry ons by liefde presies die teenoorgestelde. Nou moet alles met ander gedeel word, weggegee word. Die begeerte om die self te bevredig word nou vervang met die dringende behoefte om vir ander uit te deel. Daar word in die liefde al minder aan die self gedink. Die ander en dit wat hulle

nodig het, raak nou die motief vir lewe. So gee die liefde graag weg. Jesus is die perfekte voorbeeld hiervan. Hy het Sy Goddelike bestaan in die hemel opgegee. Hy het Sy gerief weggegee. Hy het Sy eer weggegee. Hy het Sy mag weggegee. Hy het Sy tyd weggegee. Hy het Homself weggegee en Hy het Sy lewe weggegee. Nooit het jy Hom hoor kla nie maar altyd was Hy die perfekte voorbeeld van vergenoegdheid. Nooit het Hy iets vir Homself begeer nie. Altyd was Hy net bereid om te gee, veral Sy liefde, prakties, soos dit so mooi vir ons opgeteken is in die Evangelies. Hy het nie net vir ons gewys hoe ons moet lewe nie, Hy het dit vir ons moontlik gemaak om te lewe. Vir die doel het Hy Sy Heilige Gees in ons lewens gegee. Die eerste aspek van die inwoning van die Heilige Gees in jou lewe is dat Hy liefde in jou lewe inbring (Gal. 5:22). So word jy in staat gestel om die sonde te oorwin, wanneer jy vergenoeg en dankbaar word, en gedring word om die self te verloën, en die self weg te gee vir ander se belange en ander se behoeftes.

13 Oktober

## Liefde- Liefde

### Abel: Verganklikheid.

Hy het gedoen wat die dametjie op die televisie-uitsending aanbeveel het. Hy het stil by sy Hemelvader gaan sit en Sy Vader toegelaat om hom net lief te hê, om hom in Sy liefde toe te vou. Omdat God liefde is, het die liefde van God in die man se hart ingekom toe sy Vader hom so liefdevol omarm het. Hierna kon hy stukkie van hierdie liefde vir ander begin uitdeel.

Sy hart het begin brand om liefde uit te deel. Hy het nie geweet waar nie, maar die Gees het hom na die ouetehuis gelei. Toe hy moes sê wie hy kom besoek, het hy net kon sê: *'n Mens, enige mens.*

Hy het deur die gange gedwaal totdat hy 'n mens gekry het. Al wat hy van die mens kon sien was twee skoene wat van die deur af sigbaar was terwyl die mens op 'n bed gelê het. Toe hy instap sien hy die mens wat senuweeagtig deur 'n strokiesverhaal blaai en duidelik net prentjies kyk. Toe hy hom voorstel aan die mens sê die mens: *Ek is Verlore Seun.* Skielik het die weldoener besef dat hierdie mens nie meer deel van sy leefwêreld is nie. Hy het op vêr paaie gekuier in sy eie wêreldjie. Die enigste verbintenis met ons wêreld was die herkenning van die stukkie sjokolade toe dit vir hom aangebied is, as iets wat genot kan verskaf. Wat kan een mens dan vir 'n ander mens sê, behalwe dit waarvoor hy gekom het:

*Mens, die Here is lief vir jou.*



14 Oktober

## Liefdesobjek

### Abana: Blywend.

Alles gaan daaroor dat God liefde is.

Liefde sonder 'n objek om lief te hê, maak liefde uit 'n menslike perspektief sinneloos. Wanneer 'n mens oor God dink, en oor die feit dat God by uitstek deur liefde gekenmerk word, wonder 'n mens oor wie en wat God se liefdesobjek was voor Hy die mens gemaak het. Het God dalk gevoel dat die Engele nie die ideale liefdesobjekte was nie? (satan, die hoofengel het immers teen God in opstand gekom). Het God dalk na die Hemel, en al Sy luister om Hom gekyk, en gevoel dat dit nie Sy liefde waardig is nie? Is dit dalk die rede waarom God begin skep het? Het Hy die wysheid voor alles geskep en dit as liefdesobjek oorweeg, of dalk die lig, of die grond van die aarde, of die sterre of die maan of die son of dalk iets wat lewe, soos plante? Het Hy Sy skepping begin verfyn en diere begin skep as liefdesobjekte. Dalk het God gevoel dat Hy diere kan liefhê maar dat diere nie volmaakte liefdesobjekte is nie omdat hulle so beperk is in hulle vermoë om liefde terug te gee. Het God voluit in Sy soeke na liefdesobjekte gegaan en iets soos Hyself geskep, 'n mens wat Hom terug kan liefhê? Selfs vir die gevalle mens was God nog lief. Selfs toe die mens gekies het om satan meer lief te hê as vir God het God nog die mens lief gehad. God het die mens met soveel potensiaal geskep dat Hy selfs kans gesien het om die sondaarmens lief te hê. So het God dan besluit om hierdie liefdesobjek van Hom te vervolmaak en die mens immuun teen satan

se aanslae te maak. God het besluit om die mens die geleentheid te gee om oorgemaak te word. Die mens kon weer gebore word. Vir die doel het God in Sy diepste wese by die mens betrokke geraak. Toe die mens gemaak is het God die mens vereer, deur die mens na Sy beeld te maak. God het die mens geskep uit die stof van die aarde. Die oormak van die mens, om die mens volmaak te maak, het baie van God gevra. God moes iets van Homself prysgee. Dit wat vir Hom die kosbaarste was, Sy Seun. Sy Seun is al wat vir Sy hoë geregtigheid goed genoeg sou wees. Hy was bereid om Sy kosbaarste, dit waarvoor Hy die liefste was, op te offer om die mens as Sy liefdesobjek te red, skoon te maak, en te vervolmaak. Maar eers sou die mens weer gebore moes word om hierdie perfeksie te kon akkommodeer.

**Abihail: My Vader is krag.**

Het jou ma jou lief of het sy jou liefgehad toe sy nog geleef het? Die meeste van ons sal bevestigend op hierdie vraag antwoord. Die redes waarom ons so dink sal egter heelwat verskil. Vir die een sal die lekker vetkoekies wat sy ma vir hom gebak het sinoniem met haar liefde vir hom wees. Vir 'n ander een sal dit miskien die opoffering van sy ma wees om hom deur sy universiteitstudies te kon ondersteun. Vir 'n ander, die baie gebede wat sy vir hom gebid het. Kom ons dink 'n bietjie aan ons hemelse Vader. Hoe weet ons dat Hy vir ons lief is? Baie mense twyfel of God vir hulle lief is. Dit moet ons Vader se hart seker seermaak wanneer dit die geval is, want Hy is liefde (1 Joh.4:8) en Sy Woord verseker ons dat Hy baie lief vir ons is. Hoe sou jou moeder gevoel het indien jy haar liefdevolle optrede en opofferings nie as liefdegedrewe wou aanvaar nie, en aan haar liefde vir jou getwyfel het? Mense sal sê dat dit nie vir hulle voel of God vir hulle lief is nie. Soos dit met geloof die geval is, moet ons dikwels in God se liefde vir ons glo, al voel ons dit nie. Tog is dit 'n wonderlike ervaring om God se liefde vir jou te ervaar. Indien jy sukkel om Sy liefde vir jou te ervaar en te aanvaar probeer die volgende:

*Om liefde te kan ontvang en ervaar moet jy op die regte plek, in die regte omstandighede en in die regte gesindheid verkeer. Jy sal tog nie jou vrou se liefde kan ontvang en ervaar indien jy op die tennisbaan, in 'n hewige kompetisie met*

*'n teenstander betrokke is en absoluut op jou spel gefokus is nie. So is dit ook met die liefde van God gestel. Om Sy liefde te ervaar is die eerste ding wat jy moet doen om jou mond te hou. Soek vir jou 'n stil plek waar mense jou nie sal steur nie. Kry jou gesindheid reg. Jy moet dit regkry om stil te bly. **Bedink** vir 'n oomblik geleenthede wat jy kan **onthou toe Hy Sy liefde aan jou bewys het**, soos toe Hy jou lewe gespaar het, 'n groot ongeluk afgeweer het, jou gehelp het toe jy in groot nood verkeer het, jou gesond gemaak het, jou met voorspoed geseën het. Dan kom jy by die belangrikste deel naamlik **om Hom toe te laat** om jou lief te hê. Wanneer jy so stil by Hom sit, laat Hom toe om Sy arm om jou te vou en jou stil lief te hê. As jy moet praat, **praat met jouself** en sê vir jouself dat **God nooit lieg nie**. As Hy sê dat Hy vir jou lief is, is Hy vir jou lief. **Aanvaar** Sy liefde en **geniet** die tydjie saam met Hom. **Hoor Sy stem** as Hy sag in jou oor fluister: **“Ek is lief vir jou.”** Laat Hom toe. Indien jy dan moet praat **sê net dankie** vir Hom. Geniet en ervaar Sy teenwoordigheid, Sy liefdevolle teenwoordigheid, Sy liefdevolle goedheid. **Moenie iets probeer doen nie, moenie iets probeer sê nie. Laat Sy liefde oor jou vloei tot diep binne in jou.** Dan sal jy ook iets van Sy liefde hê om weer met ander te deel.*

16 Oktober

## Liefie-Wurmpie

### Abisag: My Vader is reisende.

My vrou noem haar Liefie en ek noem haar Wurmpie. Sy bly so twee huise van ons af, hoërop in die straat. Sy is die oulikste kortbeen Jack Russeltjie. Sy is altyd vriendelik, so vertrouend as sy op haar ruggie voor jou kom lê en haar nekkie vir jou ontbloot. Sy is verder vanweë haar bou, baie naby aan die grond; dit lyk of sy nederig is. Sy is uiters liefvallig en vergewe jou wanneer jy haar nie goed behandel nie, soos die keer toe ek haar per abuis in die motorhuis toegemaak het.

In kort, sy is baie soos die **kindertjies** waarvan Jesus in Matteus 18 praat. In die Amplified Bible word die eienskappe van kindertjies soos volg beskryf:

*Trusting,*

*Lowly,*

*Loving,*

*Forgiving.*

Jesus sê dat ons soos kindertjies moet word:

*Mat. 18: 2: And He called a little child to Himself and put him in the midst of them. And said: Truly I say unto you, unless you repent (change, turn about) and become like little children, you can never enter the kingdom of heaven.*

In vers 4 word uitgebrei op dit waarvan Jesus in kindertjies hou:

*Whoever will humble himself therefore and become like this little child is the greatest in the kingdom of heaven.*

In vers 6 word nog eienskappe van die kind genoem:

*---these little ones who believe in and acknowledge and cleave to Me---*

Hierdie ou eenvoudige brakkie dra 'n geweldige boodskap met haar saam. Mag sy eendag nie teen ons getuig nie.

**Abisua: Vader van veiligheid.**

Die woord *Lieflik* is in Afrikaans 'n baie handige woord. Ons kan dit gebruik om verskillende dinge te beskryf. So kan 'n mens sê: *Dit is 'n lieflike dag*, bedoelende dit is 'n aangename dag, 'n sonnige dag, 'n besondere dag. 'n Mens kan ook sê : *Dit is 'n lieflike mens*, bedoelende dit is 'n mooi mens. Jy kan ook sê dit is 'n *lieflike* motor, blom, huis ens. Telkens het die woord met iets wat pragtig, mooi en aangenaam is, te make.

Die hart, die kern van die woord *lieflik* is *lief*. Hier kom nou veel meer ter sprake as om net mooi te wees. Hier kom nou 'n stuk emosie by. Iets is nie net mooi in die woord *lieflik* nie maar daar is ook iets van *ek kan hiervan hou* en ek kan dit wat vir my mooi is, *lief hê*. Liefde vir iets word dan deel van die sien van **lieflik** van iets.

So word die dimensie van God betree met die woord lieflik. God is liefde. Wanneer iets vir ons lieflik is, word iets van God in ons verhouding met die mooi objek aangedui. Ons moet dus versigtig wees vir dit wat ons as lieflik beskryf. Onthou dat God in hierdie verhouding tussen jou en dit wat vir jou lieflik is herken moet kan word. Oppas dus vir die bedrieglike hart wat so maklik aardse objekte as lieflik kan begin sien. Indien God nie deel van jou verhouding met dit wat vir jou mooi is, kan wees nie, moet jy maar liewers 'n draai om daardie lieflike ding loop.

18 Oktober

## Lig en baie duisternis

### Abisalom: Vader van vrede.

Mevroutjie, jy weet jy is die lig in julle huis. Jy weet ook van die verskriklike aanslag van duisternis teen jou lewe van lig. Soms voel dit vir jou of die stryd vir jou te veel word. Dit is nou al so baie jare dat jy hierdie stryd moet stry en soms voel jy of jy net wil uitroep: *Hoe lank nog Here?*

Jy kan mos onthou so dertig jaar terug, toe dit ook vir jou gevoel het of die duisternis jou gaan oorweldig. Toe jy die geweer teen jou kop gedruk het, maar God het die sneller laat weier het, omdat Hy nog 'n plan vir jou lewe gehad het. Ek weet hoe jy verlang om by Hom te wees en van al die stryd verlos te wees. Tog mag dit wees dat jy nog 'n takie of twee vir Hom moet voltooi, voordat jy Sy ewige rus sal smaak. Jy weet mos hoe wonderlik Hy jou bemoedig deur die boeties en sussies wat Hy die afgelope tyd op jou lewenspad gebring het. Geen duisternis kan hierdie heerlike eenheid tot niet maak nie. Dan het jy nog familie ook wat jou so op die hande dra in hulle gebede. Daarom mevroutjie, moenie die leuens van satan glo nie. Hy was van die begin af 'n leuenaar. Dit is sy grootste wens dat jy sal oorgee, en sal erken dat die duisternis gewen het. Die waarheid is dat die satan reeds oorwin is. Hoe harder hy skreeu en vloek en beledig en afbreek, hoe meer sal jy die desperaatheid in sy stem erken. Hy het reeds verloor al maak hy of hy so sterk is. Ons Jesus het hom aan die kruis op Golgota finaal vernietig en al wat hy nou doen, is om in sy laaste stuiptrekkings, jou met leuens



te probeer vernietig. Hy wat in ons is is **groter en sterker** as hy wat in die wêreld is. Moenie toelaat dat hy jou met leuens probeer intimideer nie. In Johannes 16 word gepraat *van net nog 'n klein tydjie*. Dit is vir ons almal, wat reeds bejaard geword het, waar. Nog net 'n klein tydjie, mevrou tjie, en Hy kom ons haal. Moenie nou moedeloos word nie. Kom ons doen wat ons kan doen in die tydjie wat nog oor is. Hou jou oë op die wolke. Sy koms is dalk veel nader as wat ons dink. Doen wat jy moet doen. Weet dat daar groot beloning is vir die wat ly, die wat arm is, die wat van Hom afhanklik is, en Hom vertrou.

**Abisua: Vader van veiligheid.**

Die sondeval het die mens diep geaffekteer. Geestelik het hy gesterf, die sielskomponente soos sy wil, emosies en verstand is nadelig beïnvloed maar hy is ook liggaamlik verwoes. Na die sondeval het siektes, gebreke, verlamings, blindheid, doofheid en ander gebreke voorgekom.

Toe Jesus na die aarde toe gekom het, het Hy herstel gebring. Hy het die mens se gees weer laat lewe deur Sy Gees in die mens te gee. Hy het ook die siel gerig op God en die mens van sy selfbeheer onthef deur hom die genade van selfverloëning te gee. Maar Jesus het ook op die aarde baie liggaamlike herstel gegee. Kom ons kyk in meer besonderhede na dit wat op hierdie vlak gedoen is. Dit wat opgeteken is, is seker nie al die genesings wat Jesus gedoen het nie. Dit bly nietemin interessant om hierdie genesings wat wel opgeteken is 'n bietjie te ontleed.

1. Jesus het **21 keer** liggaamlike herstellings gedoen.
2. Van hierdie 21 was **3** opwekkings uit die dood; Lazarus, Jaïrus se dogtertjie en die weduwee se enigste kind.
3. **Drie** van die genesings was vir ander bevolkingsgroepe as Jode: Die offisier se seun by Kapernaum, die hoofman se slaaf en die Kanaänitiese vrou se dogter.
4. By **4** van die genesings word nie spesifiek vermeld waarvoor dit was nie.

5. **Tweemaal** is melaatses genees; by een geleentheid **een** en by 'n ander geleentheid **10**.
6. Slegs **eenmaal** het een van sy eie groep by genesing gebaat toe Petrus se skoonmoeder herstel is.
7. **Drie en dertig** mense het by Sy genesings gebaat (Is vir ons opgeteken).
8. **Een** stom man is genees.
9. **Een** kreupele is herstel.
10. **Een** dowe kon weer hoor.
11. **Een** verlamde kon weer loop.
12. **Een** wat aan water gely het is herstel.
13. **Een** met 'n gebreklige hand is herstel.
14. **Een** uitsonderlike geleentheid word beskryf toe die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, genees is deur aan Jesus se kleed te raak.
15. **Een** man wie se oor afgekap is het herstel beleef. Malgus was die laaste genesing net voor Jesus gekruisig is.
16. **Vier mense** wat blind was, kon weer sien. Die mediese wetenskap staan vandag nog verstom oor die wonder van die werking van die oog. Viermaal het Jesus hierdie wondergenesing herhaal.

Hierdie was maar net die skaduwee van wat sou volg. Jesus het beloof dat Sy volgelinge sal voortgaan om mense te genees en dat hulle selfs meer as Hy sal doen omdat Hy na Sy Vader teruggaan. Eintlik hou Jesus maar net aan om deur

Sy Gees mense te gebruik om Sy wonderlike genesings op hierdie aarde voort te sit.

**Dien ons nie 'n wonderlike God nie?**

20 Oktober

## Liturgie

### **Abitub:** *Bron van die goeie.*

Sommige kerke hou by 'n sterk liturgiese orde, ander kerke voel meer vry en laat die Heilige Gees die verloop van die kerklike gebeure bepaal. In die Ou Testament is daar 'n interessante gedeelte in Nehemia 8 ten opsigte van liturgie opgeteken. Kom ons kyk na enkele van die gebruike wat 2500 jaar gelede in die kerk voorgekom het.

Nehemia 8: 1

*Die mense het almal op die plein voor die Waterpoort bymekaargekom.*

(Daar was dus nie 'n kerkgebou nie.)

*Hulle het die skrywer Esra gevra om die wetboek waarin die bevele van die Here was, te bring.*

(Die wetboek sou seker in vandag se terme die Bybel gewees het.

Esra sou seker die huidige pastoor of predikant kon gewees het.)

Nehemia 8: 2

*Daar was mans, vrouens en kinders wat reeds kon verstaan, teenwoordig.*

( In hierdie gedeelte word daar 'n hele paar keer verwys na die feit dat die mense moes verstaan wat gelees word)

Nehemia 8: 3

*Hy het van vroeg die môre af tot die middag toe daaruit vir hulle voorgelees*

*Almal het baie aandagtig na die wetboek geluister.*

(Hierdie mense het erns met die wetboek gemaak, hulle het hulle volle aandag gegee. Hulle het ook nie 'n probleem met tyd gehad nie. Hulle het die hele oggend na die lees van die wetboek, geluister.)

Nehemia 8: 4 en 5

*Esra het op 'n houtverhoog, wat vir die geleentheid gemaak is, gestaan.*

*Regs van hom was daar -----6 mense*

*Links van hom was daar -----7 mense.*

*Al die mense kon Esra op die verhoog sien staan.*

(Dit was baie belangrik dat al die mense nie net kon hoor nie, maar die spreker ook kon sien. Esra het soos ouderlinge en diakens om hom ses mense aan sy regterkant en sewe aan sy linkerkant gehad. Hulle was sy helpers.)

*Toe hulle sien dat hy die boek oopmaak, het hulle almal opgestaan.*

(Die eerbied vir die oopmaak van God se woord is aangrypend)

Nehemia 8: 6

*Esra het die Here, die Groot God, geprys. Die mense het hierop "Amen! Amen!" gesê terwyl hulle hul hande na die hemel toe uitstrek. Almal het voor die Here gekniel en met hulle gesigte laag teen die grond neergebuig.*

(Die prediker het God geprys, en die mense het instemmend met hulle amens die lofpysing bevestig. Hulle het hulle hande na hulle God toe uitgestrek. Hierna het almal voor God gekniel en laag neergebuig terwyl hulle gesigte amper die grond geraak het. Het ons nie 'n bietjie arrogant in ons liturgie begin word nie? Dit is mos dieselfde God wat ons vandag aanbid)

Nehemia 8: 7 en 8

*Die Leviete-----het die gebooië uitgelê aan die mense wat daar gestaan het. Hulle het uit God se wetboek voorgelees en mooi verduidelik wat dit beteken. Hulle het seker gemaak dat die mense verstaan wat gelees is.*

(Die prediker het hulp gehad van ander kenners van God se Woord. Baie belangrik was dat dit net gegaan het oor die Woord en die uitleg van die Woord. Weer word die klem geplaas op die verstaan van die Woord)

Nehemia 8: 9

*Die mense het begin huil toe hulle hoor wat in die boek staan.*

(Wanneer laas is ons so aangegryp deur God se Woord dat ons trane in ons oë gekry het?)

Nehemia 8: 10 en 12

*Hy (Esra) het ook vir hulle gesê: “Gaan eet 'n lekker maaltyd en drink soet drankies. Deel ook van die kos met mense wat niks voorberei het nie. Hierdie is*

*'n dag wat aan God toegewy is. Moenie terneergedruk wees nie, want die blydskap wat die Here gee, sal julle krag wees.*

*Die mense het toe weggegaan om 'n feesmaal te eet en te drink en hulle kos met ander mense te deel. Hulle het goed verstaan wat gelees is. Dit het hulle baie bly gemaak.*

(Is ons nog bly oor die Woord wat ons gehoor het? Verstaan ons regtig nog wat ons hoor? Deel ons nog met ander ons voedsel en ook die Woord wat ons gehoor het? Wy ons nog die dag aan die Here?)

**Is dit moontlik dat ons nog iets in die post- moderne tyd kan leer, ten opsigte van liturgie, by hierdie mense wat 2500 jaar gelede gelewe het?**



21 Oktober

## Lof aan god

### Abjatar: Bron van oorvloed.

Ons het lank na hierdie byeenkoms uitgesien. Dit kos ons weliswaar 'n paar honderd rand om die byeenkoms by te woon, maar dit is die geld deur en deur werd. Ons gaan geleentheid kry om ons god in opregtheid te dien.

Soos by vorige geleenthedek, weet ek dat ons uitbundig van vreugde oor ons god gaan juig. Ons gaan in ekstase ons hande die lug in steek. Ons gaan ons stemme verhef in vreugde. Natuurlik sal ons opstaan vir ons god. Ons gaan van ekstase jubel. Lank nadat ons van die goddelike byeenkoms teruggekom het, sal ons nog oor hierdie wonderlike diens praat. Dit is soos ons voor die diens al gepraat het, toe ons so uitgesien het na die diens. Die van ons wat minder geesdriftig oor ons god is sal ons uitskuif. Hulle pas nie in ons kring nie. Indien jy nie kan saampraat met dieselfde entoesiasme as ons nie, sal ons weet dat jy nie werklik vir ons god lief is nie. Dit is nie dieselfde om die diens oor televisie te volg nie. Nee, jy moet daar wees om die gees te kan ervaar. Weet dit, die gees sal van jou besit neem. Jy moet net bereid wees om alles te gee vir ons god. Tyd, geld aandag, denke – ons god vra alles. Ek waarborg jou jy sal jou kan verheug in ons god.

Casper De Vries het 'n naam vir ons god gegee. Hy noem hom Ruggabus.

Indien jy belangstel kan ek jou enige tyd aan hom voorstel. Maar nee, ek is seker jy weet van hom, indien jy hom nie alreeds ken, en as jou god aangeneem het nie.

**Lank leef god rugby.**

22 Oktober

## Lofprysing

### Abraham: Vader van 'n menigte.

Daar is 'n plek en 'n tyd vir alles; so ook vir lofprysing aan God. 'n Mens moet in God se teenwoordigheid kom om aan Hom lofprysing te kan bring. Dawid het in God se teenwoordigheid gekom toe hy die ark van God Jerusalem toe vergesel het. God was baie tevrede met Dawid se lofprysing. Kom ons kyk hoe het Dawid God geloof en geprys.

### **2 Samuel 6: 5 tot 23** (Amplified Bible)

5. And **David** and **all the house of Israel played** before the Lord with all their **might**, with **songs, lyres. Harps, tambourines, castanets and cymbals.**

12. -----So David went and brought the ark of God from the house of Obed-Edom into the City of David with **rejoicing.**

14. And David **danced** before the Lord **with all his might, clad** in a linen ephod (a priest's upper garment).

15. So David and all the house of Israel brought up the ark of the Lord with **shouting** and with the **sound of the trumpet.**

16. As the ark of the Lord came into the City of David, Michal, Saul's daughter (David's wife), looked out of the window and saw King David **leaping** and **dancing** before the Lord, and she **despised him in her heart.**

21. ----- Therefore (David said) will **I make merry** (in **pure enjoyment** ) before the Lord.

22. ----- and (I, David) will **humble and lower myself in my own sight** (and yours).

23. And Michal the daughter of Saul had **no child** to the day of her death.

In hierdie gedeelte sien ons hoe die belangrikste man in Israel, God loof en prys. Hy het met God gewandel. God was so kennelik by hierdie lofprijsing teenwoordig dat Hy nie eers toegelaat het dat die man wat dit gewaag het om sy hand na die simbool van God se teenwoordigheid uit te steek, bly lewe het nie ( 2 Sam. 6:7). 'n Heiliger plek en oomblik kan beswaarlik bedink word. God het die manier waarop Dawid en die volk, Israel, Hom geëer en geloof het so aanvaarbaar gevind, dat hy Dawid se vrou, wie nie met hierdie tipe lofprijsing saamgestem het nie, met kinderloosheid vervloek en verneder het. Dawid hierteenoor het groot eer van God ontvang, vir sy bereidheid om homself ter wille van God gering te ag, en spontaan aan sy lof en prys uiting te gee. So het Dawid toegelaat dat God se eer meer werd was as sy eie eer en waardigheid. Hy het selfs van sy vername drag en koninklike kleed ontslae geraak om vry te wees om spontaan te dans, te juig en te spring en God met sang en lied groot te maak. Die musiekinstrumente wat gebruik is, het 'n geweldige klank veroorsaak. Alles was nie mooi georkestreer nie maar daar was baie spontane geluide tot God se eer die dag. Daar was beweging, dans, spring, gesing, harde vrolike musiek (Hoe sou

Dawid anders kon gedans het). Te midde van dit alles was God diep tevrede met dit wat Sy kinders besig was om te doen. So tevrede was Hy dat hy Dawid se vrou met haar opgesmukke eie belangrikheid en waardigheid totaal verwerp het.

Hoe bring ons vandag ons lof aan God?

**Absalom: Vader van vrede.**

In 1 Korintiërs 15: 51 staan die volgende vir ons opgeteken:

*Kyk, ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word. By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word.*

In 1 Tessalonisense 4: 15 staan die volgende opgeteken:

*Ons wat bly lewe tot die wederkoms van die Here, sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie. Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal die wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet.*

In Matteus 24: 39 staan hierdie woorde opgeteken:

*Net so sal dit gaan by die koms van die Seun van die mens. Dan sal twee mense op die land werk, die een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat word. Twee vroue sal by die meul maal, die een sal saamgaan en die ander een agtergelaat word.*

Oor hierdie drie gedeeltes kan daar seker baie gesê word. Vir ons doel vandag gaan ons kyk na enkele implikasies wat hierdie gedeelte vir ons as gelowiges het.

Om op hierdie heuglike dag, van Jesus se wederkoms, saam met Hom die wolke ingeneem te kan word is daar enkele voorbehoude. In Lukas 12:39 waarsku Jesus *ons dat ons te alle tye gereed moet wees vir Sy koms*. Sy koms word vergelyk met die ou gebruike om die huwelik waar die bruidegom die bruid in die nag kom haal. Dit sal op 'n ongewone en onverwagte tyd wees. Sommige van die bruidsmeisies wat saam met die bruid moes waak en gereedmaak vir die bruidegom se koms was onvoorbereid. Hulle het nie genoeg olie in hulle lampe gehad nie en het die koms van die bruidegom misgeloop (Mat. 25:10). Toegepas op ons vandag beteken dit dat die bruidegom, Jesus, heel moontlik op 'n onverwagte tyd Sy kinders, die bruid, gaan kom haal. Sommige van ons gaan gereed wees, ons lampies gaan vol wees met die Heilige Geesolie en Jesus sal ons deur die duisternis van die aardse sonde kan raaksien, en ons saam met Hom vir die ewige huwelik saamneem. Ons moet dus gereed wees, en ons moet vol van die Heilige Gees, in afwagting vir Sy koms leef.

Daar word 'n verhaaltjie vertel ten opsigte van die Wegraping wat hier relevant mag wees: Die vrou het Jesus in die lug tegemoet gegaan maar kon nie van die aarde af los kom nie. Elke keer as sy 'n entjie die lug in beweeg het, is sy teruggehou en moes sy weer probeer. By nadere ondersoek het dit geblyk dat daar 'n tou om haar enkel vasgebind was en die ander punt van die tou was om haar

wit vleuelklavier op die aarde vasgebind. Die binding met die klavier waarvoor sy baie lief was, was net te sterk om haar vry te maak, om Jesus in die lug tegemoet te gaan.

Moontlik is daar nou ook in jou, en my lewe, dinge wat ons aan die aarde vasbind. Dit mag dinge wees wat gaan verhinder dat ons Jesus in die lug tegemoet sal kan gaan. Ons sal dus hier agterbly en die sewe jaar van die groot verdrukking moet trotseer. Wat is daar in jou en my lewe wat ons so vasbind dat ons Hom nie op hierdie oomblik tegemoet sal kan gaan nie? Sou jy dalk nog eers jou kind se gradeplegtigheid wou meemaak? Sou jy dalk nog eers jou eerste kleinkind wou vashou? Sou jy dalk nog graag eers 'n bietjie van die aftrede, waarna jy so uitgesien het, wou geniet het? Sou dit dalk vir jou, soos vir daardie vrou, moeilik gewees het om sekere dinge hier agter te laat? Dalk is dit jou mooi plaas wat jy 'n leeftyd lank opgebou het. Dalk is dit daardie mooi strandhuis wat jy so graag nog so 'n bietjie sou wou geniet het. Dalk is dit daardie mooi motor wat jy so pas gekoop het.

Die sin van alles is dan **losmaking**. Ons is maar net **bywoners** wat vir 'n klein tydjie hier deur die aardse lewe beweeg. Ons is losgemaak van dit wat die wêreldling aan die aarde vasbind. Ons oë is op Jesus. Ons verwag Hom elke dag. Dalk is dit vandag die dag van Sy wederkoms. Ons verwagtings is ten opsigte van dit wat in die hemel vir ons weggeleë is, maar veel meer, om in die



teenwoordigheid van ons Koning die ewigheid deur te bring. Ons hou ons lampies aan die brand en ons sorg dat daar genoeg olie vir die lampies beskikbaar is.

**Maranata! Maranatha! Maranatha!**

**Ada: Skoonheid.**

Die eerste twee mense wat op hierdie aarde geleef het, is die enigste mense wat sonder lyding geleef het. Dit was hulle egter net beskore totdat hulle in sonde geval het.

Hierna het die mens se lyding begin.

Wanneer 'n mens **gebore** word, begin hy met lyding. Wanneer hy die gerief en beskerming van sy moederskoot verlaat, is die eerste ding wat hy doen na sy geboorte, om te begin huil. So word 'n leeftyd van lyding ingehuil. Die moeder ervaar ook lyding tydens die kind se geboorte.

Die **grootword** van die kind gaan met lyding gepaard. Hy moet val, seerkry en weer probeer, totdat hy die vaardigheid van stap bemeester het. Dikwels moet die kind ly deur siektes. Die lyding van straf is voortdurend sy lot.

Wanneer die kind **skool toe** gaan, begin die lyding van skeiding, onsekerheid en ongeborgenheid. Om te leer gaan ook vir baie kinders met inspanning en lyding gepaard. Op die sportveld ly die kind vanweë fisiese inspanning en selfhandhawing teenoor opponente. Die kind leer dan so ook onder andere die pyn van kompetisie en mislukking ken.

Dikwels smaak 'n **kind en jongmens** die pyn van verwerping. Die verwerping mag deur sy ouers, vriende, onderwysers, maats of lede van die teenoorgestelde geslag wees.

Die **kind en jongmens** leer ook die pyn van sonde ken. Die skuldgevoelens, die wanhoop, die vrees vir mislukking en die stryd om te glo. Alles gaan in 'n mindere of meerdere mate met pyn en lyding gepaard.

Dikwels ervaar die **jong volwassene** die beroepswêreld met pyn, ontberings en lyding. Daar mag fisiese lyding wees, daar mag die lyding van miskenning wees of die lyding van hewige inspanning om iets in die lewe te bereik.

Vir die **volwassene** is daar baie terreine waar lyding beleef word. Soos lyding vanweë finansiële probleme, lyding vanweë huweliksprobleme, lyding vanweë kinders wat teleurstel en lyding vanweë siekte en dood.

Die **ouer persoon** ly gewoonlik vanweë siektes, finansiële nood, verwerping, verwaarlosing, eensaamheid, wanhoop en fisiese omstandighede. Dikwels is die nood van die oumens groter as die nood van die kind wat gebore word en is dit moeiliker om uit die lewe uit te gaan as om daarin te kom.

Ons weet almal van hierdie lewenslange lyding. Die vraag is egter **waarom** is daar soveel lyding in die lewe van die mens. Wat is die sin van lyding?

Die antwoord is opgesluit in die verskil tussen die lewens van Adam en Eva voor die sondeval aan die eenkant en die lewens van die biljoene mense wat na hulle geleef het, aan die anderkant.

Die enigste verskil tussen hierdie twee groepe mense is dat Adam en sy vrou vir 'n rukkie **sonder sonde** op hierdie aarde geleef het. Na die eerste sonde moes daar straf kom vir die sonde. God is regverdig en kon die sonde nie ongestraf laat nie. So is die aarde vervloek, Adam sou met pyn en lyding 'n lewe uit hierdie aarde moes maak en Eva sou aan haar man onderdanig wees en met pyn en lyding kinders in die wêreld bring (Gen. 3:16). **So betaal die mens, elke mens aan die boete af van die eerste oortreding wat begaan is.** Ons het natuurlik ons eie oortredings hier bygevoeg. Die pyn as straf akkumuleer dus.

**Adaja: Vir Jahwe aangenaam.**

Die mens se natuurlike instink is om terug te neig na die paradysbestaan toe. Ons hele lewe is daarop ingestel om so min as moontlik te ly. Die voortdurende soeke na genot en plesier is 'n poging om van hierdie lyding te ontsnap.

Kom ons kyk vir 'n oomblik na die grootste lyding wat ooit op hierdie aarde gely is. Ons praat natuurlik van **Jesus** se lyding. Omdat Hy volkome mens geword het, het hy ook deur al die voorafbeskrewe lyding van die mens gekom al het Hy nie gesondig nie. Sy lyding vir ons sondes het eintlik al voor Sy geboorte begin. Hy het egter lyding deurgedra na die hoogste vorm van lyding toe, naamlik die lyding aan die kruis. Sy fisiese lyding was egter maar baie min in vergelyking met Sy geestelike lyding. Ons moet onthou dat Hy sondeloos is. Hy het egter soos die grootste sondaar geword. Al ons sondes, al die sondes wat ooit op hierdie wêreld gedoen is, daarvoor het Hy geboet. Hy het die ergste wat die Seun van God kon ervaar, beleef toe God Sy rug om Hom gedraai het en Hy moes uitroep: *My God waarom het U my verlaat?* (Mat. 27:46). Jesus se lyding het Hom in die dood ingevat.

In Gal. 2:20 staan dat ons saam met Jesus gekruisig is. Hierdie woorde het 'n diep betekenis. Hier begin ons **iets van die lyding van die mens** verstaan. In 'n sekere sin kan ons nooit met Jesus een word behalwe deur een te word met sy lyding nie. Ons moet daarom, soos Jesus gesê het, *daaglik ons kruis opneem om*

*Hom te kan volg* (Mat.16:23). Lyding is daar vir eenwording met Christus. Die basis vir enige sonde, die van satan, sowel as die mens, is opstand teen God. Dit gaan daaroor dat satan en die mens, in sy sonde van selfhandhawing, self god probeer wees. Hy is nie bereid om iets buite of groter as hyself as god te aanvaar nie. Hy word so sy eie god. Juis daarom is selfverloëning die begin van die vernietiging van sonde se mag oor die mens. Juis daarom is die **self** die magtigste wapen in satan se hande wanneer dit by die verleiding van die mens kom. **Die mens wil altyd iets en iemand wees, hy wil god wees.** So moet satan net hierdie neiging uitbuit en die mens word 'n maklike prooi. Geld, status, mag, seks, genot, onafhanklikheid word vir hierdie doel baie effektief teen die mens gebruik.

In lyding ervaar ons iets van **Jesus se offer** aan die kruis. Ons sal lyding en vervolging ondergaan *omdat ons nie groter as Hy is nie* ( Fil 1:29). Wanneer ons ly word ons een met Hom. Dit is dalk daarom dat Jesus soveel begrip, deernis, liefde en belangstelling openbaar vir die **noodlydendes**. Dink in hierdie verband aan Sy deernis vir armes, weduwees, wese, die wat siek is en die wat in ellende verkeer. Moontlik sien Jesus in hierdie mense Homself in Sy geweldige lyding hier op aarde raak. In ons lyding kan ons, wanneer die lyding groot genoeg word, nie meer op die self vir uitkoms staatmaak nie. So word die lyding 'n sterk faktor om ons in ons selfverloëning te help. In lyding identifiseer ons al meer en meer met Jesus en Sy lyding.

**Dit is dus ‘n groot fout om van lyding weg te hardloop** en dit te alle koste te vermy. Ons stryd teen lyding is verkeerd. Ons moet lyding omhels. Om te stryd teen lyding is om te stryd teen God se plan vir ons lewens. Alleen in volkome oorgawe aan lyding en aanvaarding van God se lydenswil vir ons lewens kan ons tot volle selfverloëning kom. Alleen in totale selfverloëning aan die einde van die lydingsproses, wat Hy vir jou beplan, kom jy op die punt waar jy kan begin deel in die opstandingslewe van Jesus.

So kom, my boetie en sussie, laat ons bly wees oor God se bemoeienis met ons deur die lyding wat Hy aan ons uitdeel. Daarin is ons heil verseker. Alleen so kan ons waarlik met Hom een word.

**Romeine 8:17: *As ons saam met Hom ly.***

26 Oktober

## Lydingsbegenadigdes

*(Vir my vriend nadat sy seun aan breinkanker oorlede is)*

### **Adiël: Sieraad van God.**

Ek wil jou graag bemoedig maar ek weet nie wat om te sê nie.

Ek het die Here gevra om iets op my hart te lê wat vir jou waarde sal hê.

Al wat by my opkom is dat lyding, die soort lyding, wat jy en jou vrou ervaar, nie vir almal bedoel is nie. Dit wil my voorkom of net sekere mense vir hierdie tipe lyding uitgesonder word.

### **Nou waarom dan julle?**

As daar mense is wat werklik vir hulle medemens omgee en prakties hulle medemens help en ondersteun, is dit juis julle. Het hierdie twee sake dalk iets met mekaar te make? Word sommige mense dan lydingbegenadigdes juis omdat hulle met ander se lyding kan identifiseer en iets aan ander se lyding doen? Is julle dan uitgekies om met lyding begenadig te word, om te ly en ander in hulle lyding by te staan? Is die een dan die voorbereiding vir die ander?

Eintlik is julle in baie goeie geselskap. Die beste voorbeeld van wat met julle gebeur, is in die lewe van Jesus te vinde. Hy was by uitstek een wat met ander mense se lyding geïdentifiseer het. Nooit het Hy by siekes, gebrokenes, blindes, armes, beswaardes, weduwees of wese verbygestap nie. Hy was altyd deur menslike lyding aangegryp. Is dit omdat Hy die Man van Smarte was, die Een



wat die meeste ooit op hierdie aarde sou ly, die een aan wie die grootste onreg van alle tye gepleeg is, die totaal Regverdige Sondelose Een wat soos 'n misdadiger van die ergste graad behandel is, gespoeg is, geslaan is, verneder en gespot is, op Wie se hoof 'n doringkroon vasgekap is, Een wat naak aan 'n kruis moes hang, Een deur wie se sensitiefste senuweebondels geroeste spykers geslaan is, Een wat nie net fisies moes ly nie maar die emosionele lyding van verwerping deur die wat vir Hom dierbaar was, moes ervaar, die Een wat die grootste geestelike lyding van alle tye moes verduur, toe God Hom verlaat het en Hy in wanhoop moes uitroep: *My God, My God , waarom het U my verlaat?* (Mat. 27:46)

Word julle dan in julle lyding uitverkorenes om soos Jesus onregverdig te ly?  
Kan 'n mens 'n hoër eer ontvang as om so deur Jesus uitgesoek te word?

Mag julle sin in julle lyding ontdek. Mag God julle so lydingsbegenadigdes maak.

27 Oktober

**Ma-wat?**

**Adin: Fyn en teer.**

Die Hebreuse woord *Ma* beteken in Afrikaans: *wat*. In Eksodus 16: 15 word na hierdie Hebreuse woord verwys:

Toe die Israelite dit (*Manna* ) sien, sê hulle vir mekaar: *Wat is dit die?*

Van die Israelite is dit verwag dat hulle elke dag twee liter Manna per persoon moes optel. Dit was die daaglikse porsie wat nodig was vir die Israelite se oorlewing. Hierdie twee liter per kop was 'n Goddelike maat. Van hierdie maat word in Eksodus 16: 18 die volgende gesê:

*en toe hulle dit met 'n maatemmer afmeet, het die met baie nie te veel nie en die met 'n bietjie nie te min gehad nie.*

Dit was baie belangrik dat daar elke dag opgetel moes word:

Niemand mag iets daarvan laat oorskiet tot môreoggend nie .

Vir die wat nie gehoorsaam was aan hierdie opdrag nie het 'n verrassing gewag:

*maar daar het miet in gekom en dit het gestink.*

Met ons geloof gaan dit ook soos met die Israelse Manna. Elke oggend vroeg moet ons ons daaglikse brood optel. Ons kry dit in die Woord van God. In hierdie Woord sal die mens genoeg kos kry om hom geestelik die hele dag te kan dra. Daar sal nie vir die een te min en vir die ander een te veel wees nie. Pary mense

probeer oppot, soos op 'n Sondag, wanneer hulle, hulle met die Woord probeer versadig. Dan verwag hulle dat die geloofsbrood hulle die hele week moet hou. Vir die mense wag daar ook 'n verrassing soos vir ou Israel; daar gaan miet inkom en dit gaan stink. Geloof kan nie opgepot word nie. Daar moet daaglik geleentheid wees om die geloofsbrood op te tel. Die wat nie by hierdie beginsel wil hou nie, sal soos ou Israel, skade ly en geestelik honger deur die lewe moet gaan. Ongelukkig is daar ook vandag baie mense wat soos die Israeliete verbaas vra: *Wat is dit?* Wanneer hulle met hulle geloofsnood en geloofshonger deur die Woord van God gevoed moet word. Vir hulle is die Woord vreemd. Hulle ken dit nie en daarom sal hulle dikwels nie die geloofsbrood wil eet nie. *Die manna was wit soos koljandersaad en het soos heuningkoek gesmaak* (Eksodus 16:31). Mag jou geloof vir vandag ook wit en rein en skoon wees. Mag dit ook aangenaam en soet vir jou wees elke keer wanneer jy vandag in geloof iets doen. Mag jy die waarde daarvan nooit onderskat nie, bloot omdat dit verniet vir jou aangebied word.

28 Oktober

## Maagdevlies

### Adlai: Geregtigheid.

Net een mens het ooit die maagdevlies, van 'n maagd, tydens sy geboorte van binne af geskeur. Dit is Jesus Christus, Hy wat God en mens was.

Tydens Sy geboorte het Hy die maagdevlies van Sy moeder, Maria, van binne af geskeur. Tydens Sy afsterwe het Hy die voorhangsel van die tempel van bo na onder laat skeur. Soos Jesus gebore is, van binne na buite, deur die maagdevlies heen, het die mens deur Jesus se afsterwe toegang van, buite na binne, deur die geskeurde voorhangsel heen, na God toe verkry.

Toe die vrugwater van Maria gebreek het, is Jesus deur die vrugwater heen gebore. In Rom. 6: 3 staan hierdie aangrypende woorde opgeteken:

*Of het julle vergeet dat ons met ons doop een geword het met Christus Jesus ---.*

Ook ons moes deur die vrugwater heen gaan om te kon gebore word. Eers moes ons, soos Jesus, fisies gebore word deur water heen, en toe moes ons onder die doopwater aan onself sterf. So het ons een geword met Jesus in Sy dood. Soos Jesus deur water heen gebore is, moes ons ook deur die water van die doop gaan, om te kon lewe. Eers toe ons uit die water van die doop, en so uit die geestelike dood, kon opstaan, kon ons die asem van die lewe, die Heilige Gees, die Ruach, die Wind van God, diep in ons geesteslonge intrek om te begin lewe.

Die mens het deur Jesus toegang tot God verkry, deur dit wat Jesus vir die mens kom doen het. Die mens moet deur die geskeurde voorhangsel van die tempel in God se teenwoordigheid instap. *Jesus is immers die Weg, die Waarheid en die Lewe (Joh. 14:6).*

**Is jy al so gebore, weergebore, ingebore?**

**Adriël: Kudde van God.**

Daar is min mense wat teen die verleiding van mag bestand is. Dikwels is dit die grootste dryfveer om geleerd, ryk en invloedryk te word. Die verleiding van mag, en die misbruik daarvan, het sy oorsprong by satan. As een van die mooiste godeseuns het satan aansien en mag in die hemel gehad. Dit was egter nie genoeg vir hom nie en hy het meer mag begeer. Iewers het hy verwaand begin word. Hy het begin glo dat hy self God kan uitdaag en God tot 'n val kan bring. Hierdie verkeerde en verwaande betekenisgewing aan homself, vind weer later uiting daarin, dat hy geglo het hy kan Jesus tot 'n val bring en dat hy Jesus kon verlei om hom te aanbid (Mat. 4:3). So het satan se misbruik van sy gesag daartoe gelei dat hy en 'n derde van die engele, wat hom ondersteun het, uit die hemel gegooi is (Eseg. 28:12-17 en Jes. 14:12-14). Soos so baie engele verlei is deur die magsvertoon van satan, word die mensdom nog steeds verlei deur magsvertoon. In die onlangse verlede het ons gesien hoe Hitler miljoene Duitsers deur sy magsvertoon kon mislei tot die verskriklikste uitwissing van die Jode, tydens die Tweede Wêreldoorlog. Bykans elke despoot hou sy mag instand deur die uitwissing van mense.

Mag het ook 'n positiewe kant. In Johannes 20: 23 sien ons dat mag deur Jesus aan Sy dissipels toegeken word, toe Hy oor hulle blaas, en aan hulle die mag van die Heilige Gees toevertrou. Die mag wat toegeken word is om onder andere

mense se sondes te vergewe of nie te vergewe nie. Seker die grootste mag wat Jesus besit het, deel Hy so met sy dissipels.

*As julle vir mense hulle sondes vergewe , word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie , word dit nie deur God vergewe nie.*

Wanneer die ou mens sterf, kom Jesus binne in 'n mens woon. Hy alleen is by magte om sondes te vergewe of nie te vergewe nie.

Dieselfde Gees wat Jesus vir Sy dissipels gegee het, met die oog op die vergifnis van sonde, het Hy ook vir ons gegee. Deur die mag wat die Heilige Gees aan ons toeken, is ook ons instaat om mense hulle sondes te vergewe of nie te vergewe nie. Hier betree ons die terrein van die Goddelike. Sy Gees in ons vergewe of vergewe nie. Min gelowige, Geesvervulde Christene, is bewus van hierdie ontsettende mag wat aan hulle toegeken word. So het ons as gelowiges mag gegee oor mense wat teen ons sondig. Ons kan kies om die sonde teen hulle te hou, en hulle nie te vergewe nie, of ons kan hulle vryspreek. Kies jy Jesus se vergifnis vir ander se oortredings, of kies jy om satan se pad te loop en ander aan te kla, en hulle sondes teen hulle te hou?

Indien ons na die Onse Vadergebed kyk in Mat. 6: 12 staan daar in die modelgebed die volgende:

*en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook vergewe die wat teen ons oortree.*

Jesus lewer, nadat Hy die Onse Vadergebed vir Sy dissipels geleer het, net op een aspek van hierdie gebed kommentaar. Ons vind dit in vers 14:

*As julle ander mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. 15 Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie.*

**Ons het dus die mag om te kies om te vergewe of nie te vergewe nie.** Indien ons egter ons mag negatief gebruik en kies om nie te vergewe nie, gaan ons die persoon wat teen ons oortree, skuldig hou. Die prys vir die ander een se sondes wat nie vergewe word nie, is dat ons ook nie vergewe gaan word nie.

Mag ons die genade ontvang om volgende keer, wanneer iemand teenoor ons oortree, nie deur die verkeerde aanwending van mag, onself verdoem nie.



30 Oktober

## Meesterplan (1)

### Adullam: Skuilplel.

Jesus het ons 'n aanduiding gegee van God se Meesterplan met die wêreld. God het 'n plan met die wêreld. Sy plan is groot, baie groot, te groot vir ons om met ons menslike verstand te kan omvat. Tog begenadig Hy ons, deurdat Jesus ietsie van Sy Meesterplan aan ons openbaar. In onder andere, die Onse Vadergebed, openbaar Jesus vir ons iets van hierdie Meesterplan. Kom ons kyk vervolgens kortliks na enkele aanduidings van Sy plan wat opgesluit is in die Onse Vadergebed (Mat. 6:9).

In die heel eerste bede gaan dit om **God se eer**. Sy Naam wat geheilig moet word. Alles gaan daaroor, naamlik dat God verhef, aanbid, gedien, liefgehê, gehoorsaam en geëer moet word. Niks is belangriker as God nie. Uit Hom is alles, tot Hom is alles en Hy is alles. Dit is die basiese van God se plan vir die wêreld. Alles sal op die ou einde hier vir die mens eindig en dan voortgaan tot in ewigheid.

In die tweede bede word gevra dat **God se Koninkryk** moet kom. Hier word die tweede deel van God se plan om Homself te verheerlik vir ons duidelik gemaak. Dit gaan oor God se Koninkryk, nie oor die mens se koninkryk nie. Om God te eer is dit nodig dat alles aan die Koning onderwerp word. Om Hom reg te kan eer

en te verheerlik, is dit nodig dat baie mense in Sy Koninkryk moet inkom. Dit gaan dus nie primêr om die mense se siele te red nie maar om God te eer deur die mense wat in Sy Koninkryk sal inkom.

In die derde bedede word gevra dat **God se wil** moet geskied. Ook hierdie bedede hang nou saam met God se verheerliking. Alleen wanneer alles en almal volgens God se wil reageer, is dit moontlik dat volle eer aan Hom gebring kan word. Hy alleen is goed en dit is slegs as alles volgens Sy wil plaasvind dat Hy in Sy Heiligheid sonder enige smet ten volle geëer sal kan word.

Die mens is totaal onbevoeg om uit homself die volle eer aan God toe te bring. Daarom moet die mens toegerus word. Dit is dan ook gepas dat die mens in die vierde bedede sy afhanklikheid van God erken, en vra dat God hom die **brood** van die ewige lewe moet gee. Alleen so sal die mens God se wil kan doen, deel van Sy koninkryk kan wees en homself en alles aan God kan toewy.

Omdat die mens so uiters korrup in homself is, kan hy nooit rein genoeg wees om in God se teenwoordigheid te kom, indien God hom nie skoon van sonde was nie. Dus moet die mens in die vyfde bedede vra dat God sy **sondes moet vergewe**. Omdat die mens van die brood van die lewe eet is hy gereed om soos Jesus ook sy skuldnaars te vergewe. Wanneer die mens so in vergifnis Jesus se beeld begin vertoon, verheerlik hy God soos Jesus gedoen het.

God is alte bewus van hoe die sielevyand rondsluip en probeer om die wat eer aan Hom moet bring te probeer verlei. Daarom is dit nodig dat in die sesde bedede

gevra word dat God die mens moet toevou in Sy Heilige Gees, sodat **satan geen houvas** op die mens sal kan kry nie, en die mens sal verlei nie.

In die sewende bedede word die sin van God se Groot Plan weer saamgevat met die **lofbetuiging en eer wat aan God toegebring word.**

*Amen*

31 Oktober

## Meesterplan ( 2)

### Agabus: Skitterend.

Sommige dinge in die Bybel is maklik verstaanbaar. Sommige dinge word voorspel. Sommige van die voorspellings het reeds letterlik in vervulling gegaan. Sommige voorspellings moet nog in vervulling gaan. Sommige dinge kan afgelei word en word nie direk vir die mens uitgespel nie. Soms word die mens toegelaat om in heilige verwondering oor God te dink. So gee God onder andere aanduidings van Sy Groot Plan vir die mensdom. Die volgende is 'n heilige, respekvolle bepeinsing van wat moontlik kon gewees het:

In die hemel voor die mensbedeling was daar God, Sy Seun, Die Heilige Gees en Hemelwesens. Die eerste drie het die Goddelike Drie-eenheid gevorm, heilig, onversoekbaar, ewig, altyd goed. By die Hemelwesens het daar egter 'n fout ingesluip. Satan en 'n derde van die engele het van God af weggebreek omdat satan gevoel het dat hyself god kan wees. Daar het dus onvolmaaktheid by die Hemelwesens ingetree. Het God besluit om in die plek van die gebroke en gevalle hemelwesens, nuwe skepsels vir Hom te maak, skepsels wat immuun teen val en gebrokenheid sal wees?

Is dit toe Hy hierdie wonderplan, die Meesterplan opgestel het vir die mensdom? Hy wat alles weet, moes geweet het dat satan kragtig die mens gaan probeer verlei. Indien die Hoofengel nie eers bestand was teen die *versoeking van self iemand en iets te wil wees nie*, sou die mens beswaarlik kon standhou. Was alles

dalk deel van God se Meesterplan om die mens immuun teen mislukking te maak? Was die Tuin van Eden dan so deel van Sy plan? Indien die mens verkies het om absoluut gehoorsaam te wees sou daar nooit 'n sondeval gewees het nie. Alles is egter in gereedheid gebring vir die mens se val, want in sy val is ingebou die ewige verlossingsplan van God vir die mens. Hierdie plan sou so perfek wees dat die mens nooit weer sou kon misluk nie. Eers moes die mens egter totaal verrot en versleg. Die mens moes so sleg word dat daar uit homself geen hoop vir hom sou wees nie. Ewige verdoemenis moes sy voorland word. So is satan totaal uitoorlê. Satan dink dat hy slaag wanneer hy die mens tot sonde verlei. Eintlik speel hy presies in God se hand want dit is alleen die gebroke sondaar, wat met sy eie doemwaardigheid gekonfronteer word, wat die potensiaal het om gered te word. Alleen die mens wat aan die einde van homself gekom het, kan na God vir genade en ewige redding, uitreik. Is die mens dan toegelaat om totaal te versleg en te misluk in sy eie pogings om self te probeer goed wees? Dit het egter soms so woes gegaan dat God oorweeg het om hierdie Meesterplan van Hom te laat vaar en die mens totaal uit te wis. So het dit dan ook gebeur dat die mensdom byna tydens die sondvloed uitgewis is. Later moes Moses vir Israel ingetree het, anders sou God in die woestyn hulle almal uitgewis het.

'n Volgende belangrike deel van God se Meesterplan vir die mensdom word by die Toring van Babel in werking gestel. Hier verdeel God die mensdom volgens taalgroepe en versprei Hy die mensdom oor die hele wêreld. Uit een van die

groepe uit die geslag van Sem, seun van Noag, het een man besondere guns in God se oë gekry, naamlik Abraham. Uit hierdie man het God vir Hom 'n baie spesiale volk laat kom, naamlik Israel. Hy het egter nie van die ander volke en taalgroepe vergeet nie. Hulle sou 'n baie spesiale rol in Sy Meesterplan speel.

God sou die mense wat nie deel van Israel was nie, ook besonderlik seën. Hy sou van hulle uitverkies om gered te word deur Sy Seun, die Messias. Hy verwys na *hulle as die wilde lote wat op die mak Olyfboom geënt sou word (Rom 11:24)*. Vir die doel sou Hy Sy eie mak lote, dit wil sê Israel, uitkap om vir hulle plek te maak. Later sou die mak lote, Sy volk Israel, weer teruggeënt word op die Olyfboom.

**Agas: *Jahwe hou vas.***

So het dit dan ook in God se Meestersplan verloop en het die heidennasies in die Kerkbedeling die laaste 2000 jaar ruim geleentheid gehad om die Evangelie van Jesus te hoor, en hulle keuses vir ewige redding uit te oefen. Hierdie proses is baie naby aan voltooid. Ons kan verwag dat God spoedig sal begin om Sy eie volk terug te ent, en hulle geleentheid te gee om Jesus as Verlosser aan te neem.

Die Meesterplan van God vir die mensdom maak voorsiening vir totale immuniteit van die mens teen sonde en verval. Die plan sluit in dat die mens eers totaal in sonde sal versleg. Dan sal God Sy eie sondelose Seun na die aarde toe stuur. Jesus, Seun van God, sal dan in die gevalle sondige mens se plek kom ly vir dit wat die mens verkeerd gedoen het. Jesus sal vir alle mense en vir al hulle sondes gestraf word. Hy sal ontsettend moet ly. Hy sal verneder, gepynig, ontbloot, geslaan en uiteindelik gekruisig word. So sal Hy so erg vir die mense se sondes ly dat Hy selfs Sy lewe sal moet opoffer. So word God getrou aan Sy eie Heilige Geregtigheid. Slegs die hoogste offer kon vir God genoeg wees om vir die mens se sondes te betaal. Dus het God Sy Kosbaarste, Sy Seun, vir die doel geoffer. Meer as dit kon God nie gee nie. Hy het die hoogste prys wat Hy kon bedink, betaal.

Al wat vir die mens oorgebly het was dat hy hierdie offer vir homself moes aanvaar, dit toeëien, sy hande uitsteek en dit in besit neem. Wanneer die mens dit

doen, kruisig hy homself, word alles nuut, kom Jesus deur Sy Gees in die mens woon en word die mens deur wedergeboorte 'n nuwe mens. Hierdie nuwe mens is nie meer sondetoerekeningsvatbaar nie. Indien hy sonde doen tree Jesus vir hom by die Vader in. Jesus, as die Groot Advokaat, het die brief van vryspraak, wat Hy telkens voor God die Vader oopvou, die brief wat met Sy eie Bloed geskryf is. Die geredde mens het immuun geword teen oordeel. God se Meestersplan vir die mens se redding het in werking getree. Nooit kan die Geesvervulde mens weer val nie. Die ou mens is dood. Die nuwe mens wat nou weer gebore is, het Jesus in hom. Jesus leef in hom. God se Seun se ewige goedheid het in die mens in gekom. Nooit weer sal die skepping van God, faal nie. Die satan is uitoorlê. God se Meesterplan het in werking getree. Die mens is omvorm en is nou perfek gemaak soos God, om God perfek vir ewig te eer, te loof, te prys en te dien.

Ons as mense, is nog iewers in hierdie Meestersplan van God oppad na die ewigheid toe.

Indien hierdie Meesterplan van God as uitgangspunt gebruik word, kan alles wat op die aarde gebeur het en nog gaan gebeur in konteks geplaas en verstaan word. Sonder hierdie Meesterplan, is dit wat daagliks op die aarde gebeur, onverklaarbaar. Dit is soos om elke dag los fragmente van die nuus oor die radio te hoor en te probeer sinmaak daarvan. Het jy al probeer om 'n duisendstuk legkaart te bou sonder dat jy die grootprent het van dit wat die legkaartstukkies



veronderstel is om te bou? Dit is hoe dit is om die nuus van die dag sonder die Meesterplan te probeer interpreteer. Omdat die meeste mense nie sin kan maak van die daaglikse nuusgebeure, sonder die Meesterplan nie, skep hulle vir hulle sekulêre denkraamwerke waarbinne nuusgebeure verklaar moet word. Hierdie is gewoonlik 'n futiele poging en laat die interpreteerder gefrustreerd, kwaad, verward en vol negatiewe emosies oor dit wat hy probeer verwerk.

Die geheel is tog meer as 'n samestelling van die dele. Laat God toe om jou te help om die stukkies van die lewenslegkaart ooreenkomstig Sy groot Meesterplanprent te bou sodat jy ook sin van die lewe kan maak.

2 November

**Meneer, Meneer!**

**Agban: Broer van verstand.**

Stoutseun: Meneer, ek is jammer oor alles wat ek verkeerd gedoen het toe ek nie meneer se reëls in die klas nagekom het nie. Meneer, ek is 'n stout outjie. Ek is jammer, meneer. Asseblief meneer, wees my tog genadig.

Leermeester: Goed, maar jy weet tog dat as iets in hierdie klas verkeerd gedoen word, dit gestraf moet word. Ek sal jou vrystel van jou straf indien hier iemand anders in die klas is, wat bereid is om in jou plek, hierdie 6 houes met die rotting te vat. Is hier so iemand?

**Soetseun: Meneer, ek sal in die plek van die stout outjie buk en sy pak vat.**

**Meneer weet tog dat ek nog nooit stout was nie, en meneer weet ook dat ek nooit stout sal wees nie want ek is meneer se seun.**

Leermeester: Goed, kom buk, maar onthou ek gaan jou verskriklik slaan want ek moet jou slaan vir al die verkeerde dinge wat hierdie outjie gedoen het en nog gaan doen.

**Soetseun: Goed meneer.**

Stoutseun: Meneer, ek is die outjie in wie se plek die ander outjie al die slae gevat het. Het meneer hom nou klaar gestraf- genoeg gestraf? Moet ek nie nog later weer gestraf word nie? As ek dit nie met my eie oë gesien het nie sou ek dit nie geglo het dat iemand bereid sou wees om in my plek my pak te vat nie. Dit nogal

meneer se seun teenoor wie ek so lelik opgetree het. Is meneer regtig seker dit is nie nodig om my weer te straf nie? Het hy al my slae gevat vir alles wat ek nog verkeerd gaan doen? Is dit regtig waar? Sal meneer nie weer later besluit dat ek weer moet pak kry nie? Regtig meneer? Jok meneer nie vir my nie? Weet meneer dat meneer se seun so geslaan is, dat hy doodgebloei het? Het meneer gehoor wat hy gesê het voor hy dood is? Hy het gesê, meneer moenie met my kwaai wees omdat ek die oorsaak van sy dood is nie.

Meneer, ek wil graag soos daardie outjie wees, die een wat my pak in my plek gevat het. Wat is dit tog dat hy so anders was? Hoekom het hy dit vir my gedoen? Is dit omdat hy so baie vir my omgee het? Het hy my dan lief gehad? Meneer, leer my asseblief hoe om ook so lief te kan hê. Ek wil ook vir ander outjies wat stout is, in hulle plekke buk en in hulle plek gestraf word, want noudat daardie outjie dood is, wil ek doen wat hy vir my gedoen het. Weet meneer watter lelike dinge die outjies al aan my gedoen het. Dit is nie maklik nie, meneer, maar ek wil soos meneer se seun maak, en vra dat meneer nie vir hulle moet kwaad wees en hulle moet straf nie. Straf my liever in hulle plek, meneer. Ek wil graag hulle so liefhê soos meneer se seun my gehad het. As ek hulle net kan vergewe en in hulle plek gestraf kan word, sal dit vir my wees of ek die pyn van hulle straf op my kan voel. Is dit wat dit beteken om ander te vergewe, meneer? Is my straf dan die pyn van vergifnis?

**Dankie Meneer, Baie dankie My Heer.**

**Dankie my Vriend, dat U daardie Seun van die Groot Meneer is.**

**Dankie Meneer, Heer, dat U so tevrede was met U Seun dat U Hom weer  
lewendig gemaak het.**

3 November

**MENEER, MEVROU, DOMINEE, DOKTOR**

**Agjo: Broertjie**

In Mattheus 23: 7 staan: *En dit is vir hulle tog te lekker om in die winkels eerbiedig deur die mense gegroet te word met: **Goeie môre Dominee**, of watter titel hulle ook al belangrik laat voel. (Boodskapsap)* Hierdie opmerking was ten opsigte van geestelike leiers in Jesus se tyd deur Jesus self gemaak.

Daar is egter ook 'n waarskuwing vir die ander volgelinge van Jesus in vers 8: *Wees gewaarsku julle almal wat my volg! Moenie toelaat dat mense dit aan julle doen nie. Moenie toelaat dat hulle julle so op 'n verhogie sit met 'n gedominee hier of 'n gepastoor daar nie. Laat die lof en eer maar na Hom (Jesus) toe gaan. Vir julle moet dit genoeg wees om mekaar se broers en susters genoem te word.*

Die mens het teen hierdie beginsel van nederigheid as enigste basis vir eerbetoning in gekies om homself te verhoog met sy betitelings soos:

**Meneer( Mijn Heer), Mevrouw, My Baas, U Edele, U Ekselensie, Doktor, Regter, Advokaat, Dominee, Pastoor, Hoogeerwaarde, Mevrouw dominee en Koning.**

Dit is werklik merkwaardig dat Jesus, die ware Grote, Die Woord, Die Skepper, Die Alwyse, Die ware Koning, Die Enigste uiteindelijke Regter, Die Leermeester en Rabbi oor almal, die Een wat waarlik vir ons gaan intree as advokaat, dat Hy

gekies het om maar net as **Jesus** bekend te staan, amper soos Koos en Anna. Hier is ware grootheid. Soos Hy dan ook in hierdie gedeelte in Matt. Vir ons ware grootheid uitwys in die volgende woorde:

*Die reël wat elke gelowige moet onthou, is: **Onder God se kinders is die een wat die ander dien die belangrikste. Dit beteken dat God die een wat gedurig die belangrikste wil wees en oor die ander baas wil speel, heel agter in die ry sal laat staan.***

Is daar titels wat belangriker as ander is? Die mens het voorwaar 'n onderskeid hier gemaak tussen die belangrikeres, die meer belangrike mense en die baie belangrike mense. So is 'n mens met die titel **Meneer** byvoorbeeld nie so belangrik as iemand wat as regter, **as U Edele** aangespreek word nie. In hierdie verband is daar egter misteries. Een van die misteries is die volgende: Vir ons as gelowige mense sal die hoogste eerbetoon aan 'n mens seker die van **dominee** of **pastoor** wees. Hierdie mense is immers, soos ons glo, deur God geroep om besonderlik in Sy diens te staan. Die misterie is dan daarin geleë dat so baie van hierdie diensknegte van God verkies om eerder 'n **ander titel** te gebruik. So sal 'n titel met hoër status, in die sekulêre wêreld se oë, dalk die van **Doktor** wees. Vir die wêreld klink dit nou maar eenmaal mooier, meer vernaam, om as Doktor, eerder as dominee of pastoor aangespreek te word. Daar is egter ook baie nederige diensknegte van God vir wie hulle betiteling min waarde het en kom daar by hulle dan ook 'n ware dienskneggesindheid na vore.

**Hoe gebruik jy jou titel, my broer en my suster?**

**Aglab: Vrugbare oord.**

God het vir Adam gesê dat *indien hy van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad eet, hy sal sterf* (Gen. 2: 17). Ons weet dat Adam nie dadelik fisies gesterf het nadat hy geëet het nie. Wat wel gebeur het is dat God se Gees in hom gesterf het. Waar God se Gees nou vir die mens verlore was, moes iets anders in die plek daarvan kom. Iets anders moes nou die sentrale beheerpunt van die mens word want God, deur Sy Gees, was dit nie meer nie. Die self, die eie ek het beheer van die mens oorgeneem. Hoe subtiel was satan nie gewees in sy verleiding van Eva nie. Eers die selfbewusmaking, dan die klem op die eie ek, die wanvoorstelling dat die mens soos God kan wees, dan die toegee aan die verleiding deur die sintuiglike genot bo God se gebod te stel. Dan die ontgogeling en die selfbewuswording in die besef van eie naaktheid. So stel satan die mens se eie ek in beheer toe die mens God se Gees deur sy ongehoorsaamheid verloor het (Genesis 3).

Na die sondeval was daar die eie ek, die mens se siel en die mens se liggaam. Die mens se eie ek was toe in beheer en het aan die siel voorgeskryf. So beheer die natuurlike mens se *eie ek* vandag nog sy siel, dit wil sê sy gedagtes, sy emosies en sy wil. Waar ek in beheer is, die siel deur die ek gerig word, kan 'n mens verwag dat die liggaam noodwendig die werktuig van die ek sal wees. Die Sielkunde leer dat die mens se selfbeeld gebou moet word en dat die mens



homself moet aktualiseer. So word die Sielkunde die groot ondersteuner van menslike verafgoding wanneer die mens, met sy vermoëns, tot god verhef word. Daarom is dit so uiters sinvol dat Jesus gesê het dat *iemand wat agter Hom aan wil kom, homself, die eie ek, moet verloën, moet kruisig en Hom moet volg* (Mat. 16:24). Jesus sê ook dat die mens wat op sy eie lewe ingestel is en *self sy lewe wil red, sy lewe sal verloor*. Alleen die mens wat sy eie lewe weggee, al sy eie selfbelange opoffer, niks en niemand bo God stel nie, is gereed vir God se reddingswerk.

Kom ons kyk nou wat gebeur met die natuurlike mens, wat hierbo beskryf is, wanneer die mens tot redding kom. Die mens moet eers beseef dat dit wat hy is en wat hy doen nie goed genoeg voor God is nie. Hy moet eers beseef dat sy selfpogings, sy *eie ek*, hom nie gaan red nie. Wanneer hy buite homself na redding begin soek, begin die moontlikheid van redding naderkom. Wanneer hierdie soekende mens die verlossingsboodskap hoor, dit glo en aanvaar, begin God se Gees in die mens in beweging kom. Onder die doopwater kan 'n mens nie asemhaal nie. Hier sterf die ou mens, die *eie ek*. Op hierdie plek, onder die doopwater, word die ou mens, die *eie-ekmens* afgelê. Op hierdie plek en tyd word die mens een met Christus se afsterwe aan die kruis. Alleen wanneer die swanger vrou se water breek word die baba deur die water heen gebore. Soos die baba na geboorte sy eerste asemteug neem en begin lewe, so begin die gelowige ook geestelik asemhaal en lewe, wanneer hy deur die water van die doop beweeg het.

In uitsonderlike omstandighede, soos in die geval van die medegekruisigde wat Jesus in sy sterwensoomblikke aanneem, kan God lewe gee sonder doop. Die feit dat selfs Jesus, as voorbeeld vir ons, deur die doopwater gegaan het, waarna God oor Sy Seun se gehoorsaamheid gejubel het, onderstreep vir ons hoe hoog God die bekeringsdoop aanslaan.

**Ahisiër: Helpende broer.**

Kom ons keer nou weer terug na die menslike gees toe. Soos gesê, het die mens se gees gesterf by die sondeval van die mens. Eintlik beteken dit dat God se Gees die mens verlaat het en die mens se eie ek beheer oorgeneem het. In die mens se eenwording met Christus, begin weer geestelik lewe, soos God dit oorspronklik bedoel het. God se Gees word weer teruggeplaas in die mens. Die ou natuur van die mens is nou dood. Satan wil egter die mens anders laat glo, hy is mos die ou leuenaar. Telkens wanneer die nuutgebore mens terugval, vertel satan hom dat hy nou misluk het, dat die ou mens nie dood is nie en dat al die mooi dinge van die doop en nuwe lewe, die ontvang van God se Gees, dalk nie waar is nie. Indien hy die mens net kan laat twyfel oor die ou natuur se afsterwe het hy sy doel bereik. Die waarheid is dat die mens by sy bekering, sondebelydenis, aanvaarding van Jesus se offer vir sy sondes, een geword het met Christus se dood aan die kruis. Die ou mens, die eie ek, is dood. Al wat van die ou mens se beheersentrum, die eie ek, oorgebly het, is die wriemelende slangnatuur nadat die sondeslang se kop afgekap is. (Oppas die afgekapte slangkop kan nog steeds byt). Nou het daar 'n nuwe beheersentrum in die mens gekom. God se Gees kom in die plek van die eie ek en beheer, bestuur, lei en dra vrug (Gal. 5:22). Die beheer van die menslike siel deur die eie ek word dan oorgegee aan die bestuur van God se Gees. Waar die siel deurtrek was met egoïsme, deurtrek God se Gees nou die mens, soos voor

die sondeval. Waar die denke deurtrek was met alles wat vir die menslike eie-ek voordelig en aangenaam was, gee God se Gees nou nuwe denke. Waar die mens se emosies gerig was op selfbevrediging en lewensgenot, is die nuwe emosies liefde, vrede en vreugde. Waar die mens gerig was op die uitvoering van sy eie wil, maak God die mens gewillig en bekwaam om God se wil te onderskei, en te doen.

Nou bly nog net die liggaam oor. Wat word nou van die liggaam van die nuwe mens? Waar die ou liggaam in diens gestaan het van die siel wat deur die eie ek gerig is en die sintuie net op die bevrediging en genot van die eie ek ingestel was, verander alles nou. Die mens ontvang nie dadelik 'n nuwe liggaam nie, maar die Gees van God as nuwe Bestuurder rig die siel op so 'n wyse op dat die liggaam net volg. Nou gaan dit nie meer vir die siel om die liggaam vir sintuiglike genot te benut nie. Nee, die liggaam word dan gebruik om God se Naam groot te maak, God se koninkryk te laat kom en God se wil te doen. Geleidelik word die menslike liggaam net draer en volvoerder van God en God se wil. Die mens leef in die verwagting dat ook die liggaam nuutgemaak sal word, soos Christus vir ons belowe het. Voor dit gebeur sal die menslike liggaam afsterf en tot niet gaan en sal die mens 'n nuwe Geestelike liggaam, by Christus se wederkoms, ontvang. Vir sommige geseëndes van die Here sal dit egter anders gebeur indien hulle nog in die lewe is by Christus se wederkoms. In 'n oomblik sal alles verander en sal hulle Christus met nuwe liggame in die wolke, tegemoet gaan (1 Kor. 15:51-53).

Dan sal die proses van die tweede skepping voltooi wees. Die eerste skepping was relatief maklik en kortstondig. So kon God in 6 dae alles skep en op die sewende dag rus. Die herskepping van die mens, die tweede skepping het 6000 jaar geneem. Dit is dan ook te verstane dat God na die tweede skepping nie net 'n dag se rus nodig het nie, maar 'n duisend jaar van vrede nodig geag het (Open. 20:2).

6 November

## Min sal ingaan (1)

### Ahinadab: Broer van vrygewigheid.

In Matt. 7:21 staan hierdie woorde opgeteken:

*Nie elkeen wat vir My sê “Here, Here”, sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemel is. Baie sal daardie dag vir My sê: “ Here, Here, het ons dan nie in U Naam gepreek nie, deur U Naam duiwels uitgedryf en deur U Naam baie wonders gedoen nie?” Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.*

Niks kan erger as dit wees nie. Dink net: ‘n Leeftyd onder die geklank van God se woord, duisende preke gehoor, deur al die bewegings gegaan; gedoop, aangeneem, op die kerkraad gedien, duisende gebede by die etes geprewel, die Bybel deurgelees, en alles tevergeefs, net om te hoor dat Jesus jou nooit geken het nie. Dan die bevestiging van hierdie verskriklike waarheid in die woorde van Jesus in Matt. 7: 13:

*Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei , is wyd en die pad daarheen breed, en die wat daardeur ingaan, is baie. Maar die poort wat na die lewe lei is nou en die pad daarheen smal, en die wat dit kry, is min.*

Wat kan 'n mens doen en wat moet die mens nie doen nie om wel eendag van Jesus die woorde te hoor dat jy welkom in die hemel is, dat Hy jou ken en dat jy een van die min is wat toegelaat word in die hemel?

Indien jy die vraag reg kan beantwoord en die antwoord op die vraag uitvoer, sal jou lewe suksesvol wees en sal jy in die hemel toegelaat word. Indien jy nie die vraag reg beantwoord nie en jou lewe verkeerd inrig wag die grootste teleurstelling en skok vir jou aan die einde van jou lewe. Ongelukkig sal dit nie 'n eenmalige skok en teleurstelling wees nie maar jy sal 'n ewigheid in helse smarte moet ly, omdat jy die grootste fout van jou lewe begaan het.

Die sinvolste ding wat jy ooit in jou lewe kon doen is om by hierdie vraag stil te staan, seker te maak dat jy die antwoord honderd persent reg beantwoord, en dit dan uitleef. Die sinlooste ding wat jy met jou lewe kan aanvang is om ligweg oor hierdie woorde te lees en dit op een of ander manier te probeer weg rasionaliseer.

Kom ons kyk wat Jesus sê oor wat jy moet doen en wat jy moet nalaat indien jy Sy koninkryk wil ingaan:

*Matt. 7: 23:*

*Gaan weg van My af julle wat die wet van God oortree (Wat nie God se wil doen nie).*

Jesus verduidelik in die Bergpredikasie wat gedoen en wat nagelaat moet word.

Die volgende is enkele van die uiteensettings wat Hy gee:

1. *Jy geseënd is indien jy weet dat jy afhanklik van God is (Matt. 5: 3).*
2. *Dat jy nie jou medemens moet uitskel en beledig nie, want dan is jy strafbaar in die helse vuur (Matt. 5: 22).*
3. *Gee aan hom wat iets van jou vra, en moet hom wat iets van jou wil leen, nie afwys nie (Matt 5: 42).*
4. *Julle moet julle vyande lief hê, en julle moet bid vir die wat vir julle vervolg (Matt. 4: 44).*
5. *As jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie (Matt 6: 3).*
6. *As julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie (Matt. 6: 15).*
7. *Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie (Matt. 7:1).*
8. *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen (Matt 7:12).*
9. *Julle kan nie God en Mammon dien nie (Matt. 6: 24).*
10. *Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg (Matt. 5: 27).*



**Ahitub: Goeie broer.**

Dit lyk uit die vorige uiteensetting of dit bykans onmoontlik is om die wet te onderhou. Die vraag ontstaan dan of 'n mens die gebooie regtig moet onderhou om gered te word? Paulus behandel hierdie kwessie uitvoerig in, onder andere, sy brief aan die Romeine.

Om die wet en wetsonderhouding reg te verstaan moet ons die rol van die wet voor en na Jesus se koms afsonderlik sien. Die rol van die wet van die Tien Gebooie, voor Jesus se koms, (Die wet wat deur Jesus in die Bergpredikasje verduidelik word) word deur Paulus soos volg behandel:

Rom. 3:19:

*Dit weet ons: Alles wat Moses se wet sê, sê hy vir die wat die wet het. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God. Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; intendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is.*

Nadat Jesus in die Bergpredikasje vir die skare verduidelik het wat die wet eintlik behels, lyk dit al hoe onmoontliker om die wet te onderhou. Dit wil voorkom of die mens moedeloos gemaak word ten opsigte van sy vermoë om die wet te onderhou. Die oplossing vir die sondige mens se dilemma ten opsigte van

wetsonderhouding word deur Paulus in Rom. 3: 29 aangebied wanneer hy soos volg verklaar:

Maar nou het die vryspraak deur God, waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo. Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. Hom het God gegee as offer wat deur Sy bloed versoening bewerk het vir die wat glo. (Rom.3:21 tot 25). Ons betoog is tog dat 'n mens vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie (Rom.3:28).

Hoe werk dit nou? Ons word vrygespreek omdat ons glo en nie omdat ons die wet onderhou nie ( Rom. 3:29) en tog sal ons nie die hemelpoort ingaan indien ons nie die wil van God doen en Sy wet onderhou nie ( Matt 7:21). Jesus verklaar van die wat nie God se wet onderhou nie dat Hy diesulkes nie ken nie en dat hulle van Hom af moet weggaan (Mat. 7:23).

Moontlik moet die onderhouding van die wet in twee dele verdeel word. Voor Jesus se koms moes die mens sy redding verdien deur die wet te onderhou. Soos ons gesien het was dit onmoonlik gewees om so geregverdig te word. Met Jesus se koms het Hy die wet vervul. Hy alleen kon die wet onderhou. Daarom was Hy die enigste Een wat vir die mens se sondes kon boet. Al die straf wat op die mense moes neerkom, vanweë hulle sondes, het op Hom neergekom. Hy is vir die mens

se sondes gestraf. Die mens het so vrygekom en word nie meer gestraf vir sy sondes nie. Daar is egter 'n voorwaarde aan verbonde soos Paulus dit pragtig uiteensit in Rom. 3: 28. Die mens word vrygespreek omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie.

8 November

### Min sal ingaan (3)

#### Ahumai: Liefhebber van water.

Wanneer die mens hom bekeer, God se aanbod van verlossing in Jesus vir homself aanvaar en in Jesus glo word die mens 'n nuwe skepsel. Dan word die volgende waar in 'n mens se lewe (Joh. 6:33):

*Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na my toe kom nooit verwerp nie.*

Die mens wat so kom word 'n nuwe skepsel. Die ou sondige bestaan saam met al die sondes van die verlede word volgens Gal 2: 20 saam met Jesus gekruisig. Die ou sondige bestaan word uitgewis. Die nuwe mens wat saam met Jesus opstaan uit die dood ontvang Jesus se Gees. Die ou verdorwe natuur het ophou bestaan. Alles het nuutgeword (1 Kor. 5:17). Die nuwe mens dra die vrug van die Heilige Gees, hy word deur die Heilige Gees gelei, beheer en bestuur( Gal. 5:22). Die eerste vrug van die Heilige Gees se inwoning is liefde. Ons kan liefhê omdat God ons eerste liefgehad het. Ons kan vergewe omdat Jesus ons eerste vergewe het. Hierdie nuwe mens kan volgens Rom.8:1 vry van die wet leef:

*Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees, wat jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.*

12. Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, ons wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.

In vers 9 staan die volgende opgeteken wat baie van die misterie om wetsonderhouding opklaar:

*Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie. En vers 14: Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God*

9 November

## Min sal ingaan (4)

### Ahussat: Vashou.

Die probleem is dat werke teenoor genade gestel word asof dit die een of die ander moet wees. Dikwels word die probleem verswaar deurdat groter of kleiner klem op een van die twee aspekte geplaas word. Die manier om na hierdie saak te kyk is dat die konteks van redding die van genade is. Binne hierdie konteks speel die lewe van die gelowige af. Deel van hierdie uitleef van genade behels *die stryd om in te gaan* omdat satan, met alles wat hy het, probeer om jou daarvan te weerhou. Die *span jou in (Lukas 13:24)* het alleen bestaansreg binne die konteks van oorgee, afgee, onderwerp en toelaat. Almal begrippe wat met redding deur geloof te make het. *Oefen* het met herhaling te make. Moenie bekommerd wees dat jy te min oefening sal kry nie. God sal in Sy groot genade jou geloof dikwels toets en oefen. Om te *volhard* is een stuk genade van God wat, aan elkeen uitdeel soos Hy wil, en ons troos met die gedagte, dat dit *Hy is wat in ons werk om te wil en werk, volgens Sy wil* (Hebr. 13:21).

Die omvattende konteks van genade, geloof en redding wat daardeur insluit word pragtig in die volgende gedeelte uiteengesit (Joh. 6: 28)

*Hulle vra Hom toe: “wat moet ons doen, om te doen wat God van ons verlang?”*

*En Jesus antwoord hulle: “Wat God van julle verlang is dat julle moet **glo** in Hom wat Hy gestuur het.”*

En 40:

*Dit is die wil van My Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.*

Hoe verklaar hierdie gedeelte die misterie om wetsonderhouding en redding uit genade?

Die inwoning van God se Gees in jou plaas die seël op jou kindskap van Christus. Indien jy Sy Gees toelaat om jou te lei, te beheer, te bestuur en in jou vrug te dra, kan jy nie anders as om God se wil te doen nie. Die wat nie God se wil doen nie kan nie onder die leiding van die Heilige Gees lewe nie en is gevolglik nie kinders van God nie. Dit is die van wie Jesus verklaar dat Hy hulle nie ken nie. Jy doen dus nie die goeie daade om gered te word nie maar omdat jy nie anders kan nie vanweë die feit dat jy deur die liefde van Christus gedring word om die goeie te doen. Sonder die liefde wat jou dring, word jy 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal ( 1 Kor. 13). Die toets van God se inwoning in jou, is die feit dat jy in 'n verhouding met Christus kom staan. Hy woon in jou en jou hoogste strewe is om in Hom te bly. Jy sal Hom liefhê omdat Hy jou eerste liefgehad het. Jy sal vergewe omdat die skuld wat Hy vir jou gedra het, en waarvoor Hy met sy lewe vir jou geboet het, jou sal dring om ander se skuld teenoor jou af te skryf. Toets jouself: Hoeveel male meer nog moet Hy jou vergewe, voordat jy instaat sal wees om ook te vergewe? Hoeveel meer liefde het jy nog van Jesus nodig om iewers in jou 'n poeletjie van liefde op te gaar wat vir jou medemens uitgestort kan word?

10 November

## Min sal ingaan (5)

### Ajalon: Plek waar herte skuil.

Die wonderlike van die Geesvervulde lewe is die feit dat die kind van God hierdie nuwe lewe uitleef sonder dat hy of sy daarvan bewus is. Daarom sal die kind van God verbaas vir God vra: *Wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of wanneer het ons U siek gesien en U verpleeg of in die gevangenis en U besoek? (Mat. 25:36).* Die uitleef van God se wil vir die Geesvervulde kind van God is nie 'n swaar opdrag wat uit eie krag volbring moet word nie. Dit is 'n natuurlike uitvloeiing van God se Gees wat in die kind van God se lewe, vrugte dra.

Wanneer jy hierdie Vrug aan jou lewensboom dra hoef jy nie bang te wees dat Jesus eendag sal sê dat Hy jou nie ken nie. Jy sal nie bang wees dat Jesus jou sal vra om die groot banketsaal van die bruilofsfees te verlaat omdat jy nie die bruilofskleed van goeie dae aan het nie (Mat. 22:11). Jy sal nie bang wees dat jou olie in jou lamp sal opraak soos die vyf dwase meisies nie terwyl jy vir die koms van die Bruidegom wag nie ( Mat.25:1). Jy sal nie vrees vir jou eie onvergifnis wat Jesus se vergifnis kan uitkanselleer nie. Nee jy sal van vreugde lewe en 1 Joh. 5: 11 sal een van jou gunsteling versies in die Bybel word:

God het ons die ewige lewe gegee, en die lewe is deur Sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het ook nie die lewe nie.



13. Hierdie brief skryf ek vir julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.

Die grootste troos vir die gelowige bly egter die volgende versie in 1 Joh.2:1:

*Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig- ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons Voorspraak by die Vader. Hy is die versoening vir ons sondes;*

**Ajin: Bron.**

In Hebr. 11: 3 staan die volgende:

*Omdat ons glo weet ons dat die wêreld deur die Woord van God geskep is.*

Hierdie versie verwys na onder andere Gen. 1: 1 waar staan:

*In die begin het God die hemel en die aarde geskep.*

Uit hierdie versies is dit duidelik dat die skeppingsgeskiedenis slegs deur geloof aanvaar kan word. In hierdie versies is daar geen wetenskaplike bewyse dat God die hemel en die aarde deur Sy woorde geskep het nie. Slegs deur geloof weet ons dat dit waar is.

Hierteenoor soek die sekulêre wêreld se wetenskaplikes empiriese bewyse vir wat hulle glo waar is. Vir hulle is die skeppingsgeskiedenis, soos deur God opgeteken, net nie genoeg nie. Slegs dit wat sintuiglik ervaar kan word, wat wetenskaplik bewys kan word is vir hulle aanvaarbaar. Evolusie as verklaring vir die ontstaan van die aarde vind by hierdie mense meer byval, as die skeppingsverhaal terwyl die evolusieteorie onmoontlik bewysbaar is.

Sommige Christen gelowiges is begenadig met besondere intellektuele vermoëns en hulle durf die evolusioniste aan met beredenerings, bewyse en verklarings. So is daar voortdurend twispunte tussen die kreatiste en evolusioniste aan die gang. Sommige van hierdie voorstanders van kreasie het sulke goeie argumente dat die

voorstanders van evolusie soms bedroë daarvan afkom. Meer male slaag die evolusioniste egter daarin om mense te verwar. Die gangbare argument vir evolusie word dan ook deur die grootste gedeelte van die wêreld aangehang, verdedig en geprogageer, veral in skole. Dikwel is die gelowiges nie opgewasse teen die argumente vir die evolusieleer nie en formuleer hulle vir hulle standpunte wat so iets van alles insluit. Daarom is dit gevaarlik om iets wat bedoel was om met geloof te aanvaar met wetenskaplike bewyse te probeer verklaar. Die grootste gevaar vir die gelowige wat wetenskaplike bewyse begin soek vir wat God in Sy Woord sê, is die *Evagevaar*. Eva begin met 'n perfekte verhouding met God. Sy glo in God en glo dat wat Hy sê vir haar waar is. Satan kom na Eva toe en lok haar uit, in 'n argument in. Hy bevraagteken haar geloof en vra vir haar of dit waar is dat God so en so gesê het. Wat hy sê is 'n halwe waarheid om haar betrokke te kry in 'n argument. Toe sy hierop begin reageer het sy geen kans meer gestaan teen satan se sluwe wysheid nie. Spoedig oortuig hy haar dat dit wat sy glo nie waar is nie. Hy het haar betrokke gekry in 'n **intellektuele speletjie** waarvoor sy nie opgewasse was nie. Toe satan die voortreflikheid van kennis aan Eva voorhou word sy net nog dieper in satan se argumente ingesuij. Sy word oortuig deur die gedagte, dat sy soos God kan wees, deur alles te ken. Haar ydelheid, haar behoefte om self te kan ken en te kan verklaar, deur van haar geloof in God afstand te doen, maak haar 'n maklike prooi van satan, amper soos 'n kreatis wat in 'n argument met 'n evolusionis betrokke raak. Eva offer haar geloof op vir intellektualisme, soos so baie mense vandag ook doen (Gen.3).

Die Bybel sê dat dit sonder geloof onmoontlik is om God te behaag. Satan weet dit en daarom is een van sy belangrikste strategieë teen die gelowige om hom in een of ander intellektuele speletjie betrokke te kry en so sy geloof te ondermyn (Heb. 11:6).

Alles van die sekulêre wêreld val binne die invloedseer van satan. So val ook die sekulêre media binne sy invloedseer. Die mens se onversadigbare honger na meer en meer kennis, na die sondeval, word deur die media gevoed. Die mens se drang na kennis word nie net deur die media gevoed nie maar die mens word ook deur die media verslaaf. Daarom lees die meeste mense met veel groter toewyding, entoesiasme en belangstelling hulle daaglikse koerant as wat hulle die Bybel lees. Veel meer tyd word dan ook aan die TV, koerantlees en nuusberigte oor die radio, as aan God en God se saak bestee. Die feitlike, dit wat as waar aanvaar word in die media, prikkel die mens se gevoel van in beheer te wees. Hy word soos Eva en dink dat hy soos God kan wees indien hy alles kan weet. Hierdie is een van die grootste verleidings van die tyd waarin ons tans leef. Nog nooit was soveel kennis so vrylik beskikbaar nie. Enigiets wat die mens wil weet kan binne enkele sekondes op die internet tot sy beskikking wees.

Subtiel, te midde van die alles weet, word die mens se geloof weggevreet, totdat hy later sonder God, net met homself, opgeskeep sit.

12 November

**Minder as niks**

**Meer as alles**

**Alemet: Jeugdige krag.**

Satan het 'n geweldige hoë dunk van homself ontwikkel. Hy het begin glo dat hy self God kan wees. In sy selfverheffing het sy ondergang gelê. Hy, saam met sy volgelinge, is uit die hemel gegooi (Eseg. 28:12 en Open. 12:4). Hy gebruik dieselfde verleiding wat vir sy eie val verantwoordelik was, om Eva te verlei. Hy vertel naamlik vir haar dat sy soos God kan word deur aan God ongehoorsaam te word. Sy sal dan deur van die verbode vrug te eet, al die kennis besit, soos God (Gen. 3). Ons weet wat die tragiese gevolg van hierdie leuen was. Ons, die natuurlike mens, as nasate van Adam en Eva, worstel nog steeds met dieselfde oersonde. Ons wil graag iemand en iets wees. Eintlik wil ons ook maar, in ons selfverheffing en strewe na belangrikheid, soos God wees en is daar maar min verskil tussen ons, Eva en satan.

Jesus het ons enigste hoop op verlossing van hierdie oersonde geword. Jesus is die Seun van God en naas God die belangrikste in die totale heelal. Uit hierdie verhewe posisie, het Hy as offer vir die mens se sondes, na die aarde toe gekom. Om die mens se oersonde, van selfverheffing en eie belang, te kom deurbreek, was dit nodig dat die belangrikste in die heelal, die onbelangrikste moes word. Hy, die Seun van God, die Skepper van alles, Hy moes soos 'n nederige mens word, gebore word in totale afhanklikheid. Hy, die Almagtige, moes in 'n krip

neergelê word in die nederigste omstandighede denkbaar, naamlik in ‘n stal (Lukas 2:12). Hy moes aan Sy ouers gehoorsaam wees en Hom aan hulle onderwerp. Sy hele bestaan was een groot selfvernederingsoffer, as offer vir die mens se selfverheffing. Ons weet dat Hy uiteindelik die grootste offer denkbaar ten opsigte van selfverloëning gebring het toe Hy toegelaat het dat Hy gevloek word, gespuug word, verneder en belaster word, geklap word, gespot word, geslaan word en uiteindelik naak aan ‘n kruis vasgespyker word. Die ergste vorm van vernedering en kleinword, die totale niksword, was toe Hy moes uitroep: *My God, My God waarom het U my verlaat?* (Mat. 27:46). Toe het Jesus niks geword nie, Hy het gesterf, Hy is totaal vernietig. Op hierdie punt het Hy by die mens se somtotaal van sonde, van absolute selfverheffing, om soos God te wil wees, uitgekom. Alleen op hierdie punt kon Hy volkome boete doen vir die mens se sonde. In Jesus se totale niksword het Hy volkome geboet vir die mens se arrogante poging om alles te wou wees, om self God te wou wees.

Dit volg so logies op die voorafgaande wat Jesus vir Sy volgelinge in hierdie verband gesê het: *As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg* (Mat.16:24). Wanneer die mens tot op die punt van selfverloëning kom, kom hy op die punt waar Jesus hom begin verlos. Dit is egter nodig dat die mens meer as dit moet doen. Die mens moet nie net homself verloën nie maar moet ook die kruis van sy sonde opneem en dit dra na sy eie plek van selfkruisiging toe. Alleen wanneer die mens totaal aan homself sterf en aanhou

aan homself sterf, is daar die moontlikheid dat hy weer gebore kan word en weer kan begin lewe. Dan kan die mens iets van God se Goddelikheid begin ervaar. Dan kan hy deur die inwoning van God se Gees soos God begin optree. Daar is egter een voorwaarde; hierdie dinge is alleen moontlik in die mens se afsterwe van homself, sy eie selfverloëning, sy nikswees voor God, dat God in hom alles kan wees. Alleen in tolale afhanklikheid en oorgawe aan God is dit moontlik om die oersonde van satan en Adam in die mens te deurbreek.

\*\*\*\*\*